



Wes-Kaapse
Regering



WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE
JAARVERSLAG 2022/23

WES-KAAPSE RAAD
OP DOBBELARY EN
WEDRENNE

JAARVERSLAG

2022/23

INHOUD

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING 3

1.	DIE RAAD: ALGEMENE INLIGTING	4
2.	LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME	5
3.	VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER	7
4.	OORSIG VAN HOOFUITVOERENDE BEAMPTE	9
5.	VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAAKTHEID VAN DIE FINANSIËLE JAARVERSLAG	11
6.	STRATEGIESE OORSIG	12
7.	WETGEWENDE EN ANDER MANDATE	13
8.	ORGANISATORIESE STRUKTUUR	16

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING 17

1.	UDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAAKDE DOELWITTE	18
2.	OORSIG VAN PRESTASIE	18
3.	VORDERING OM INSTITUSIONELE UITWERKING EN UITKOMSTE TE BEHAAL	30
4.	INLIGTING: PROGRAMPRESTASIE	30
5.	INVORDERING VAN INKOMSTE	30

DEEL C: BESTUUR 39

1.	INLEIDING	40
2.	PORTEFEULJEKOMITEES	40
3.	UITVOERENDE GESAG	40
4.	REKENINGKUNDIGE GESAG - DIE RAAD	40
5.	RISIKOBESTUUR	47
6.	INTERNE BEHEERENHEID	49
7.	INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEE	49
8.	NAKOMING VAN WETTE EN REGULASIES	50
9.	BEDROG EN KORRUPSIE	50
10.	MINIMALISERING VAN KONFLIK VAN BELANGE	51
11.	GEDRAGSKODE	51
12.	GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIES	51
13.	MAATSKAPPYSEKRETARIS	51
14.	MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID	51
15.	VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE	92
16.	PRESTASIE-INLIGTING OOR NAKOMING VAN DIE B-BSEB	55

DEEL D: BESTUUR VAN MENSKE HULPBRONNE 57

1.	INLEIDING	58
2.	OORSIG VAN MENSKE HULPBRON-STATISTIEKE (MH) VAN DIE RAAD	60

PART E: FINANCIAL INFORMATION 65

1.	REPORT OF THE EXTERNAL AUDITOR	66
2.	ANNUAL FINANCIAL STATEMENTS	73

DEEL A:

**ALGEMENE
INLIGTING**



1. DIE RAAD: ALGEMENE INLIGTING

NAAM:	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
FISIESE ADRES:	Fairwayslot 100 Parow Kaapstad 7500 Republiek van Suid-Afrika
POSADRES:	Posbus 8175 Roggebaai 8012
TELEFOONNOMMER:	+27 21 480 7400
E-POS ADRES:	ceo@wcgrb.co.za
WEBWERF-ADRES:	www.wcgrb.co.za
EKSTERNE OUDITEURE:	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
BANKIERS:	Nedbank
SEKRETARIS VAN DIE RAAD:	Heinrich Brink

2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

Die volgende lys bevat al die afkortings/akronieme wat in die jaarverslag gebruik word, ongeag op watter afdeling van die jaarverslag dit betrekking het:

Afshorting / Akroniem	Beskrywing
ADFIN	Administrasie en Finansies
AERP	Algemeen-erkende Rekeningkundige Praktyk
BBP	Bruto Binnelandse Produk
B-BSEB	Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging
BDI	Bruto Dobbelinkomste
BU	Bedryfsuitgawes
BUM	Beperkte Uitbetalingmasjiene
Capex	Kapitaalbesteding
CATHSSETA	Kultuur, Kuns, Toerisme, Gasvryheid en Sport Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid
COVID 19	Coronavirussiekte 2019
DB	Diensbillikheid
DHNM	Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging
DvA	Departement van Arbeid
DvI	Departement van Infrastruktuur
FICA	Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, 2001
FIK	Finansies Inligtingstegnologiekomitee
FIS	Finansiële Intelligensie Sentrum
FJ	Finansiële Jaarstate
Grondwet	Die Nasionale Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
HFB	Hoof Finansiële Beampte
HHA	Hoogste Hof van Appèl
HUB	Hoofuitvoerende Beampte
HvD	Hoof van die Departement
IKT	Inligtings-en kommunikasietegnologie
ICU	Internasionale Casino-uitstalling
IDSA	Instituut van Direkteure van Suid-Afrika
IJM	In-jaar Monitering
IKT	Inligting en Kommunikasie-tegnologie
IT	Inligtingstegnologie
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
KMB	Korporatiewe maatskaplike belegging
KvI	Koste van Indiensneming
LDT	Langdienstoekenning
LUR	Lid van die Provinsiale Uitvoerende Raad
MH	Menslike Hulpbronne
MHB	Menslike Hulpbronbestuur
Minister	Wes-Kaapse Minister van Finansies en Ekonomiese Geleentheid
MKK	Mensekapitaalkomitee
MTBBV	Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
NDR	Nasionale Raad op Dobbelary
NTR	Nasionale Tesourie-regulasies
NWM	Nie-vir-Wins Maatskappy

Afkorting / Akroniem	Beskrywing
OBAD	Onafhanklike Berading en Adviesdienste
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OO	Organisatoriese Ontwikkeling
NWD	Nasionale Wet op Dobbelary
OOK	Ononderbroke Kragtoevoer
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORK	Openbare Rekeninge Komitee
PA	Prestasie-aanwyser
PAIA	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000
PAJA	Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000
PLO	Provinsiale Lisensiëringsowerheid
POPI	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013
PRWC	Provinsiale Regering van die Wes-Kaap
PTR	Provinsiale Tesourie-regulasies
Raad	Kollektief van nie-uitvoerende raadslede
RHP	Rampherstelplan
SA	Senior Advokaat
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SASVD	Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbels
SBP	Standaard Bedryfsprosedure
SKD	Skakelkomitee vir Dobbelary
SKFEGT	Staande Komitee vir Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme
SR	Strategiese Risiko
Tipe A BUM-werf	BUM-werwe met tot 5 BUM'e
Tipe B BUM-werf	BUM-terreine met 6 tot 20 BUM'e
Tipe C BUM-werf	BUM-terreine met 21 tot 40 BUM'e
Tipe D BUM-werf	Onafhanklike BUM-werfoperateur
TR	Tesourieregulasies
UK	Uitvoerende Komitee
VBD	Voorafbepaalde Doelwit
VDK	Verantwoordelike Dobbelkomitee
VKB	Voorsieningskettingbestuur
VPI	Verbruikersprysindeks
WBV	Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993
Wes-Kaap	Die Provinsie Wes-Kaap
WET	Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996
WGI	Wet op Gelyke Indiensneming
WK	Wes-Kaap
WKDvl	Wes-Kaapse Departement van Infrastruktuur
WKPT	Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie
WKRDW	Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
WoA	Wet op Arbeidsverhoudinge
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
WVH	Werk van die huis af
WVP	Werkvaardigheidsplan
WWP	Werknemerwelstandsprogram

3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER

Dit is vir my aangenaam om die Wes-Kaapse Raad op Dobbelry en Wedrenne (WKRWD) se jaarverslag vir die 2022/23-verslagtydperk voor te lê.

Die WKRWD is met die proklamasie van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelry en Wedrenne, Wet 4 van 1996, daarby ingesluit. Ingevolge Bylae 3C van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) is die WKRWD 'n provinsiale openbare entiteit met die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie as sy moeder/verantwoordelike departement en die Provinsiale Minister vir Finansies en Ekonomiese Geleenthede sy verantwoordelike minister.

Die WKRWD se hoofmandaat is om die dobbelbedryf in die Wes-Kaap te beheer. Sy bykomende mandaat sluit in om op 'n vernuwende en maatskaplik verantwoordbare wyse tot die Wes-Kaapse ekonomie by te dra.



Mnr C Bassuday

Raadslede

Volgens die wet is die WKRWD daarop geregtig om sewe nie-uitvoerende lede te hê wat gesamentlik as die WKRWD se Rekenpligtige Gesag optree. Die WKRWD het vir die grootste gedeelte van die jaar onder oorsig slegs die kworatiewe getal van vyf raadslede gehad.

Mnr. Nicholls, 'n huidige raadslid, is op 5 Desember 2022 heraangestel vir 'n tydperk van 4 jaar nadat sy termyn op 13 Desember 2022 geëindig het. Mnr. Burton en Me Mvandaba is met aanvang van 1 April 2023 vir 'n tydperk van vier jaar aangestel.

Beide Mnr Bassuday en Arendse se termyne het op 31 Maart 2023 geëindig. Hul termyne is egter met aanvang 1 April 2023 vir 'n tydperk van 12 maande verleng. Me Venter se termyn eindig op 5 November 2023. Haar termyn is egter vir 5 maande met aanvang 6 November 2023 verleng. Hierdie aanstellings voorsien die WKRWD effektief van sewe raadslede tot 31 Maart 2024.

'n Oorsig van aktiwiteite

'n Bedrag van R1 076 758 695 is vir dobbelbelasting en heffings ingevorder. Dit is 'n aansienlike verhoging van die dobbelbelasting en heffings teenoor die R780 262 439 wat vir die 2020/21 finansiële jaar ingevorder is.

Die toename plaas egter geweldige druk op die Kantoor van die Raad om aan die verwagtinge van lisensiehouers te voldoen en optimaal na die regulatoriese funksies van die Raad om te sien. Die WKRWD het besluit om 'n diensverskaffer aan te stel om 'n optimale funksionerende organisasiestruktuur vir die WKRWD te ondersoek en ontwikkel. Die doel hiervan is om die WKRWD se vermoëns om sy mandaat vir dienslewering ten volle te benut deur 'n bekostigbare, vaardige en toepaslikbelynde personeelstruktuur te verskaf.

Die Raad is egter terdeë daarvan bewus dat dobbel- en wedrengelenthede besondere risiko's en gevare vir kwesbare persone inhou. Daarom het die WKRWD besluit om sy benadering tot verantwoordelike dobbelry te versterk en het die Wes-Kaapse Verantwoordelike Dobbelkomitee ('n Raadskomitee) derhalwe die Wes-Kaapse Verantwoordelike Dobbelforum vervang. Die fokus het van 'n reaktiewe na 'n meer proaktiewe benadering verskuif met die kollig op verantwoordelike dobbelry in teenstelling met probleemdobbel.

Die Raad het besluit om gedurende die 2023/24 finansiële jaar 'n studie oor dobbelry en probleemdobbel in die provinsie te doen. Die WKRWD het ook met 'n konsultasieproses in die bedryf begin oor hersiene of bykomende verantwoordelike dobbelmaatreëls.

Die WKRWD doen met blydschap verslag dat die bedryf R29 249 596 tot die Korporatiewe Maatskaplike Beleggingsprogramme (KMB) in die verslagtydperk bygedra het.

Verder het die WKRDW voortgegaan met die proses om 'n geskikte gebou vir sy kantore te vind en die oordragprosedures is tydens die skrywe hiervan aan die gang.

Die Raad het besluit dat sy etiekkultuur geformaliseer moet word en dit is nou by sy Gedragskode ingesluit. Ter nakoming van sy mandaat het die WKRDW vyftien (15) uit sestien (16) van sy jaarlikse teikens bereik, terwyl hy terselfdertyd gepoog het om sy bedrywighede op die mees koste-effektiewe wyse uit te voer. Die Raad het 'n ongekwalifiseerde oudituitskoms van beide sy finansiële en voorafbepaalde doelwitte vir die 2023 finansiële jaar bereik en gehandhaaf.

Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (B-BSEB)

Die WKRDW moet, as 'n regeringsentiteit, die beginsels van die B-BSEB in die bedryf afdwing. Dit word bereik deur lisensievoorwaardes op te lê. Die Raad het besluit om sy huidige lisensieprosesse te hersien om nakoming van die HHA-uitspraak te verseker (Tsogo Sun Caledon (Pty) Ltd and Others v Western Cape Gambling and Racing Board and Another (89/2021) (2022) ZASCA 102 (24 Junie 2022) en meer spesifiek, ingevolge Artikel 53 van die NWD, die proses van 4-stappe met die hersiening van die BBSEB-voorwaardes wat aan lisensiehouers opgelê word.

Mediumtermyn doelwitte

Om sy statutêre mandaat na te kom sal die Raad voortgaan om dobbelary te reguleer en daarna streef om die volgende doelwitte te bereik:

- Beskerming van die samelewing teen oorstimulasie van dobbelary;
- Beskerming van spelers, integriteit en regverdigheid in die bedryf deur streng beheer en toesig van die bedryf;
- Die invordering van belastinge en heffings wat tot staatsinkomste bydra;
- Ekonomiese bemagtiging van histories-benadeeldes; en
- Bevordering van ekonomiese groei, ontwikkeling en indiensneming.

Erkennings

Ten slotte wil ek erkenning gee en dank uitspreek aan die Provinsiale Minister Mireille Wenger, die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie (WKPT), mede-raadslede, die Ouditkomitee van die WKRDW, die Dagbestuur en personeel van die WKRDW SKFEGT en aan ORK vir hul uitstekende werk, ondersteuning en samewerking.



Mnr C Bassuday
Voorsitter van die Raad
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2023

4. OORSIG VAN HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE

Ek bied hiermee 'n oorsig aan van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne se finansiële prestasie vir die jaar geëindig op 31 Maart 2023.

Die WKRDW is steeds nie finansiël selfvolhoubaar nie en is afhanklik van toelaes van die Wes-Kaapse Regering om sy begroting te finansier. Wetgewing wat bedoel was om die WKRDW te help om finansiële onafhanklikheid te bereik, is herroep met geen alternatiewe metode om die verlore inkomste te vervang wat deur die verstryking van sommige van die WKRDW se inkomstebronne veroorsaak is nie. Dit word weereens bevestig dat die WKRDW nie by magte is om hul eie nie-wetgewende inkomste te genereer nie en die wettige dobbelaanbiedinge wat tot bykomende inkomstebronne kan lei, het nog nie 'n aanvang geneem nie.

Die WKRDW se goedgekeurde begroting was R71 527 196 met die toekenning van R67 306 196 vir die Opex-begroting en R4 221 000 vir die Capex-begroting. Met die wysiging van die WKRDW se fondse van R1 924 000 om voorsiening vir inflasie te maak, is die begrote staatstoelae met dieselfde bedrag verminder.



Mnr. P. Abrahams

Oplossings word steeds regdeur die jaar deur die WKRDW gesoek om sy mandaat op die mees koste-effektiewe manier na te kom en besparings op sy begroting teweeg te bring. Hierdie besparings was nie tot nadeel van die WKRDW se mandaat nie. Die Raad het toegesien dat sy mandaat doeltreffend en op die mees koste-effektiewe metode uitgevoer word. Om dit te bereik het die WKRDW 'n werklike surplus in vergelyking met sy begroting op 'n vergelykbare basis van R12 161 149 gehad. 'n Rekeningkundige surplus van R15 971 260 is deur die WKRDW behaal. Die redes vir die besparing word op bladsy 123 van die jaarverslag gelys.

Die belangrikste redes vir die surplus is:

- Die toename in lisensie-aansoeke, veral vir aanlynberoepswedrenne, en daarmee saam die gepaardgaande inkomstestrome met die toekenning van 'n lisensie;
- Rente verdien op die R32 miljoen deposito by die Reserwebank;
- Vakante poste wat nie gevul is nie aangesien die WKRDW 'n organisatoriese herontwerp beplan het wat voltooi moet word voordat vakatures gevul word; en
- Die Raad het verdere outomatiseringsprosesse vir homself beplan wat egter nog aan die gang is.

Vir die eerste keer het die WKRDW belasting en heffings van meer as R1 miljard vir die 31 Maart 2023 finansiële jaar vir die WK Provinsiale Fiskus ingevorder.

Geen verdere wetgewende dobbelaanbiedinge is deur die WKRDW bekendgestel nie en daar word steeds oplossings gesoek om hierdie verstraging op te los. Die wetgewende dobbelaanbiedinge sluit in Tipe B, C en D BUM-aanbiedinge, Bingo en Junkets. Die verwagting is dat dit die WKRDW se eie inkomstestroom en terselfdertyd die belastinginkomstestroom vir die Wes-Kaapse Fiskus sal verhoog.

Alle aanbevelings van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika is deur die WKRDW uitgevoer en daar word seker gemaak dat hierdie aanbevelings ingestel en toegepas word. Die Raad het ook die COVID-19-gesondheids- en veiligheidsmaatreëls ná die verslapping van die COVID-19-regulasies in Suid-Afrika verslap en gebruik steeds 'n hibriede werk-van-huis-model en oorweeg of dit 'n vaste werksmodel in die toekomst moet word.

Die WKRDW se kantoorhuurkontrak wat deur die Wes-Kaapse Departement van Infrastruktuur (Dvl) gehou word, verstryk op 31 Oktober 2023. Die Raad is in kennis gestel dat staatsdepartemente geskep word om staatsdepartemente te bedien en nie outonome openbare entiteite nie. Gevolglik sal die huurkontrak nie deur die Dvl hernu word nie. Die WKRDW het derhalwe 'n gebou gekry wat aan sy vereistes voldoen. Dit is naby die huidige gebou en verseker dus dat die WKRDW-werknemers nie hulself hoef te ontwortel en hul huidige reisreëlings te

verander nie. Die gebou beskik ook oor rugsteun fasiliteite vir krag. Ministeriële goedkeuring dat die WKRDW die gebou mag bekom is teen die einde van die jaar ontvang. Die Raad wag tydens die skrywe hiervan op die voltooiing van die oordragdokumente sodat oordrag van die eiendom aan die WKRDW kan plaasvind.

Die WKRDW is gemagtig om die 2020/21- en 2021/22-surplusse ten bedrae van R31.5 miljoen vir akkommodasie vir die WKRDW opsy te sit. Hierdie bedrag is by die Reserwebank belê en sal gebruik word om grond en geboue te bekom en op te knap, om die ITC-infrastruktuur op te stel, hervestigingskoste asook munisipale heffings vir die jaar wanneer die verskuiwing plaasvind.

Die WKRDW het geen onvoltooide projekte waarvoor begroot is nie behalwe die verkryging van 'n gebou vir kantoorakkommodasie. Begrote fondse is hiervoor opsy gesit en sal belê word totdat 'n gebou beskikbaar is en gereed vir akkommodasie vir personeel is.

Die WKRDW beskou homself steeds as 'n lopende saak aangesien die Wes-Kaapse Regering se finansiële begroting vir die toelaes ter ondersteuning van die WKRDW begroot het. Die groot uitdaging wat die Raad in die gesig staar, is die voltooiing van die oordragtransaksie van die aangekoopte gebou wat die WKRDW se kantore moet akkommodeer. Aangesien die huurkontrak vir die huidige verblyf op 31 Oktober 2023 verstryk, is tyd uiters belangrik.

Dit bly 'n uitdaging om ander dobbelmetodes aan te bied aangesien die bedryf gretig en ongeduldig op die voltooiing van die proses wag wat in 2017 begin is. Die WKRDW het al sy bepaalde teikens ten volle bereik, met die uitsondering van een. Die rede vir die een nie-prestasie is sy afhanklikheid van 'n derdeparty-aksie, wat nie betyds uitgevoer is nie.

Erkennings

Die WKRDW gee met dank erkenning aan die bydraes van Minister M Wenger, die Staande Komitee oor Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, die Openbare Rekeningekomitee, die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie, die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika, die kantoor van die Wes-Kaapse Premier en die Raad se Interne Ouditeure, SizweNtsalubaGobodo Grant Thornton en MNB Chartered, wat gehelp het om te verseker dat die WKRDW sy mandaat bereik.

Dit is met dankbaarheid dat die WKRDW ook aan sy Raadslede, die Ouditkomitee en werknemers van die WKRDW erkenning gee vir hul uitmuntende pogings en toewyding wat tot die sukses van die 2022/23 finansiële jaar bygedra het.



Mnr P Abrahams
Hoofuitvoerende Beamppte
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2023

5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAAKTHEID VAN DIE FINANSIËLE JAARVERSLAG

Na die beste van ons kennis en oortuiging word die volgende bevestig:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag geopenbaar word, stem ooreen met die finansiële jaarstate wat deur die Ouditeur-generaal geaudit is. Die jaarverslag is volledig, akkuraat en is vry van enige weglatings. Die jaarverslag is in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag opgestel, soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie. Die Finansiële Jaarstate (Deel E) is opgestel in ooreenstemming met die AARP-standaarde wat op die Raad van toepassing is.

Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting gegee word. Die Rekenpligtige Owerheid is verantwoordelik vir die daarstelling en instelling van 'n interne beheerstelsel wat ontwerp is om redelike versekering te verskaf oor die integriteit en betroubaarheid van prestasie- en menslike hulpbroninligting en die finansiële jaarstate.

Die eksterne ouditeure word aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Na ons mening is die jaarverslag 'n regverdige weerspieëling van die bedrywighede, prestasie- en menslike hulpbroninligting en die finansiële sake van die Raad vir die finansiële jaar op 31 Maart 2023 geëindig.



Mnr P Abrahams
Hoofuitvoerende Beampte
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2023



Mnr CA Bassuday
Voorsitter van die Raad
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Julie 2023

6. STRATEGIESE OORSIG

6.1 Visie

Om as die toonaangewende regulerende dobbelgesag vir vernuwende, volhoubare sakepraktyke en die maksimalisering van ekonomiese geleenthede op 'n sosiaal-verantwoordelike wyse erken te word.

6.2 Missie

Om dobbelary binne die Wes-Kaapse Provinsie te beheer en te reguleer om:

- 'n stabiele, regverdige, volhoudende en doeltreffende regulatoriese omgewing te skep;
- openbare sekerheid en vertroue in 'n omgewing vry van korrupsie en onwettige dobbel- en wedderyaktiwiteite te bevorder; en
- op 'n vernuwende en maatskaplik verantwoordbare wyse tot die Wes-Kaap se ekonomie by te dra.

6.3 Waardes

In die uitvoering van hul kollektiewe funksies heg die Raad en sy kantoor die hoogste waarde aan:

- **Integriteit**
Die kenmerk om standvastig aan 'n morele of etiese kode en hoë professionele standaard te voldoen.
- **Deursigtigheid en aanspreeklikheid**
Die beginsel dat die Raad sy sake op 'n toeganklike, duidelike en sigbare wyse sal bedryf en toegang gee vir ondersoek na sy aktiwiteite en verantwoordbaar aan belanghebbendes en die algemene publiek is.
- **Bevoegdheid**
Om 'n bevoegde en responsiewe regulerende owerheid te wees.
- **Vernuwing**
Om sakedoeltreffendheid deur praktiese vernuwende oplossings en idees te skep.

7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

7.1 Grondwetlike mandaat

Die Raad se grondwetlike mandaat is afgelei van Bylae 4 van die Grondwet. Dit bepaal dat die regulering van casino's, wedrenne, dobbelary en weddenskappe (uitgesluit loterye en sportpoele) 'n gelyklopende wetgewende bevoegdheid van beide die provinsiale en nasionale wetgewers is. Die Raad moet, met die uitoefening van sy bevoegdhede en die uitvoering van sy mandaat, die fundamentele regte van alle persone, soos verskans in Hoofstuk 2 van die Grondwet, nakom. Hoofstuk 6 van die Grondwet bepaal, onder meer, die wetgewende bevoegdheid van die verskillende provinsiale wetgewers. Dit handel verder oor die oplossing van konflikte op gebiede van gelyklopende wetgewende bevoegdhede tussen nasionale en provinsiale wetgewing. Hoofstuk 6 is van toepassing op die Raad se funksionering op grond daarvan dat die Raad insette lewer ten opsigte van voorgestelde wysigings aan die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, Wet 4 van 1996.

7.2 Wetgewende mandaat

Die volgende nasionale en provinsiale wetgewende verordeninge is op die Raad se werksaamhede van toepassing:

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) soos gewysig

Hierdie wet skets die basiese diensvoorwaardes vir werkplekke in Suid-Afrika en het 'n direkte invloed op werknemers van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne.

Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003) en Kodes soos gewysig

Hierdie Wet is die wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging en bemagtig die Minister van Handel en Nywerheid om wetgewing uit te reik en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. Die Raad dwing die wetgewende en beleidsdoelwitte oor Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging af deur die oplegging van lisensievoorwaardes aan lisensiehouers en voldoen aan die voorskrifte wat bindend op die Raad as 'n openbare entiteit is.

Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (Wet 130 van 1993) soos gewysig

Hierdie Wet is 'n wetlike raamwerk vir ongeskiktheidsvergoeding as gevolg van beroepsbeserings of siektes wat werknemers tydens hul werksaamhede opgedoen het of vir dood as gevolg van sodanige beserings of siektes; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) soos gewysig en Regulasies

Hierdie Wet is 'n wetlike raamwerk vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuursbeleid wat op die voorkoming of vermindering van ramprisiko's fokus, asook versagting van ernstige rampe, noodgereedheid, vinnige en doeltreffende reaksie op rampe en rampherstel. Dit maak voorsiening om nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums te vestig met aandag op die rehabilitasie en funksionering van hierdie sentrums. Dit maak verder voorsiening om die funksies van die Nasionale Adviesforum vir Rampbestuur in ooreenstemming te bring om die Suid-Afrikaanse Nasionale Platform vir Ramprisikovermindering te akkommodeer. Verskeie regulasies is in 2020 gepubliseer om die verspreiding van die Coronavirus COVID-19 te ondersoek, voorkom en te bekamp. Verskeie riglyne en regulasies is ingevolge die Wet op Rampbestuur uitgereik om gedrag te reguleer en beperkings op individue, werkgewers en besighede in te stel om die risiko van blootstelling en oordrag van die koronavirus te bestuur en te voorkom.

Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998) soos gewysig

Hierdie wet is die wetlike raamwerk vir die uitskakeling van onbillike diskriminasie in die werkplek en skryf die prosesse en prosedures voor wat die Raad moet instel om 'n diverse en bekwame arbeidsmag te bewerkstellig wat breedweg verteenwoordigend is van die Wes-Kaap se demografie.

Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet 38 van 2001), soos gewysig ("FIS-wet")

Die FIS-wet het die Finansiële Intelligensiesentrum en Adviesraad vir Geldwassery in die lewe geroep om geldwassery en finansiering van terroriste en verwante aktiwiteite te bekamp. Ingevolge die wysiging aan die wetgewing is die Raad, saam met ander Provinsiale Dobbelrade, nie meer 'n toesighoudende liggaam nie, nieestaan die feit dat die lisensiehouers van die Raad verantwoordbare instellings is.

Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005)

Hierdie Wet vestig 'n raamwerk vir die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike regerings om interregeringsverhoudinge te bevorder en te bemiddel om voorsiening vir meganismes en prosedures te maak om interregeringgeskille te bemiddel en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) soos gewysig (“WAV”)

Die WAV reguleer en lei die Raad, as werkgewer, om uitvoering te gee aan die regte, pligte en strukture wat ingevolge daardie Wet geskep is en sodoende arbeidsharmonie en die demokratisering van die werkplek te verseker.

Wet op Nasionale Dobbelary, 2004 (Wet 7 van 2004) en Regulasies

Hierdie Wet bepaal die bevoegdhede van die nasionale en provinsiale dobbelrade met betrekking tot regulering en beheer van dobbel en wedrenne in Suid-Afrika. Die Wet, tesame met die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 en die onderskeie Regulasies wat daarkragtens aanvaar is, vorm die statutêre mandaat van die Raad as Reguleerder. Die Wet maak verder voorsiening vir eenvormige norme en standaarde met betrekking tot dobbelary en wedrenne in die hele Republiek.

Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) soos gewysig

Hierdie Wet maak voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoerusting, die beskerming van persone teen gesondheids- en veiligheidsgevaare wat verband hou met die werkplek, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Wet op Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet 5 van 2000) en Regulasies

Hierdie Wet vorm die raamwerk waarvolgens die Raad uitvoering moet gee aan die Grondwetlike imperatief om 'n voorkeurverkrygingsbeleid en -stelsel in te stel wat regverdig, billik, deursigtig en kostedoeltreffend is.

Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) (“PAIA”)

Die PAIA-wet skryf die statutêre proses voor waarvolgens aansoeke of versoeke om toegang tot inligting oorweeg en verwerk word en gee uitvoering aan die grondwetlike reg op toegang tot inligting. Dit is van toepassing op beide privaate entiteite of organisasies en openbare instansies.

Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtheid, 2000 (Wet 3 van 2000) (“PAJA”)

Die PAJA-wet is uitgevaardig ingevolge artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, om uitvoering te gee aan die reg op administratiewe optrede wat wettig, redelik en prosedureel billik is en die reg om skriftelike redes vir administratiewe optrede te versoek. Die Raad is as 'n openbare liggaam verplig om uitvoering aan die beginsels van prosedureel-billike administratiewe optrede soos voorgeskryf deur hierdie Wet, te gee.

Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) (“POPI”) soos gewysig

Die POPI-wet se doelwitte is, onder andere, om die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en privaat instansies verwerk word, te bevorder; om sekere voorwaardes in te stel om minimum vereistes vir die verwerking van persoonlike inligting te bepaal en om voorsiening te maak vir die daarstelling van 'n Inligtingsreguleerder om sekere bevoegdhede uit te oefen en om sekere pligte en funksies ingevolge hierdie Wet uit te voer. Sekere bepalinge van die POPI-wet het op 11 April 2014 in werking getree. Artikels 2 tot 38; 55 tot 109; 111; en 114(1), (2) en (3) het op 01 Julie 2020 in werking getree en artikels 110 en 114(4) op 30 Junie 2021. Alle organisasies moes dus teen 1 Julie 2021 aan die POPIA-vereistes voldoen.

Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (“WOFB”) soos gewysig

Die Raad is 'n Bylae 3C Provinsiale Openbare Entiteit en gebonde aan die finansiële en begrotingsbestuursvoorskrifte van hierdie Wet. Die belangrikste doelwit van die WOFB is om te verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van staatsinstellings en -departemente doeltreffend en effektief bestuur word. Die WOFB maak voorsiening vir die verantwoordelikhede van persone aan wie finansiële bestuur in die regering toevertrou is en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Wet op Vaardighedsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)

Hierdie Wet verskaf 'n institusionele raamwerk om nasionale, sektor- en werkplekstrategieë te ontwerp en in te stel om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te ontwikkel en te verbeter; om daardie strategieë in die

Nasionale Kwalifikasieraamwerk wat in die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995, beoog word, in te sluit; om voorsiening te maak vir leerlingskappe wat lei tot erkende beroepskwalifikasies; om voorsiening te maak vir die finansiering van vaardigheidsontwikkeling deur middel van 'n heffingtoelaagskema en 'n Nasionale Vaardigheidsfonds; om vir indiensnemingsdienste voorsiening te maak en dit te reguleer; en om voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee verband hou, te maak.

Wet op heffing van Vaardigheidsontwikkeling, 1999 (Wet 9 van 1999)

Hierdie Wet maak voorsiening vir die oplegging van 'n heffing vir vaardigheidsontwikkeling en aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)

Dit is die hoogste wet van die land en beskryf, onder meer, Suid-Afrika se regeringstelsel, die rol en verantwoordelikhede van die verskillende regeringsfere, die basiese menseregte van alle burgers en skep 'n aantal Grondwetlike instellings.

Wes-Kaapse Wet op Dobbely en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996) soos gewysig en Regulasies

Dit is die primêre wetgewing wat die Raad se regulatoriese funksies en bevoegdhede beheer. Dit bepaal, onder meer, die instelling en werksaamhede van die Raad, die tipe lisensies wat die Raad by magte het om te oorweeg asook die Raad se befondsingsbronne. Dit maak verder voorsiening vir die oplegging van statutêre belasting en fooie betaalbaar deur lisensiehouers, sowel as administratiewe boetes vir nie-nakoming.

7.3 Beleidsmandaat

Wes-Kaapse Dobbely- en Wedrenbeleidsbepalings, 1999

Die Beleidsbepalings wat deur die Uitvoerende Raad goedgekeur is, voorsien beleidsoorwegings vir die uitreiking van lisensies in verskillende kategorieë, die aansoekriteria wat oorweeg moet word en verpligte bodvoorskrifte vir casino-operateurlisensies. Op 2 Julie 2021 het die Hooggeregshof klousule 1.1(b) van die 1999-beleidsbepalings wat die streekseksklusiwiteit vir die vyf casino's in die provinsie ingestel het, as ongeldig en van geen krag en effek verklaar. Die Hof het verder verklaar dat Klousule 1.1(c) en (d), wat die 10-jaar eksklusiwiteitstydperk spesifiseer wat op casino-operateurlisensies van toepassing is, met verloop van tyd verstryk het en nie meer geldig is nie. Die Hof het verder bevestig dat die Raad gemagtig is om aansoeke vir hervestiging van 'n casino ingevolge die Wet te oorweeg.

8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR

Raad



Mnr CA Bassuday
(Voorsitter)



Me C Fani (Onder-
voorsitter en
Raadslid)



Mnr T Arendse
(Raadslid)



Mnr R Nicholls
(Raadslid)



Me L Venter
(Raadslid)



Mnr M Burton
(Raadslid)



Me A Mvandaba
(Raadslid)

Hoofuitvoerende Beampte



Mnr P Abrahams



Me S Sixubane
(Bestuurder: MH)



Me Y Skepu
(Bestuurder:
Regsdienste)



Me Z Siwa
(HvD: ADFIN/
Hoof Finansiële
Beampte)



Mnr R Bennett
(HvD:
Regulatoriese
Nakoming)



Me M Basson
(HvD:
Lisensiëring)



Mnr A Matthews
(HvD: Inligting en
Kommunikasie-
tegnologie)

Senior bestuur



DEEL B:

PRESTASIE-INLIGTING

1. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAAALDE DOELWITTE

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika voer die nodige auditprosedures op prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n auditgevolgtrekking te gee. Die volgtrekking van die audit oor prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word in die verslag aan bestuur ingesluit. Die bevindinge oor voorafbepaalde doelwitte word in die “Jaarlikse Prestasieverlag” van die Ouditeursverslag, aangedui.

Verwys na bladsy 66 van hierdie verslag vir die Ouditeursverslag, gepubliseer as Deel E: Finansiële Inligting.

2. OORSIG VAN PRESTASIE

2.1 DIENSLEWERINGSOMGEWING

2.1.1 TOESIG OOR DIE RAAD

Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne (WKRDW) is 'n statutêre liggaam wat ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne saamgestel is. Daar is twee vlakke van toesig oor die Raad se sake. Op nasionale vlak doen die Nasionale Raad op Dobbelay en Wedrenne (NDR) oorsig-evaluasies en op provinsiale vlak doen die Raad aan die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Provinsiale Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede verslag. Die Provinsiale Parlementêre Oorsigkomitees is die Staande Komitee vir Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme, en die Komitee vir Openbare Rekeninge.

Die WKRDW is volgens Bylaag 3C van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 'n provinsiale openbare entiteit met die unieke posisie om die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie as sy moeder of verantwoordelike departement te hê. Die reguleerders vir dobbelay in die oorblywende agt provinsies doen verslag aan die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling wie se hoofmandaat dit is om ekonomiese ontwikkeling tot groter voordeel vir die publiek te bevorder en derhalwe ekonomiese geleenthede te skep.

2.1.2 BELANGHEBBENDES

As 'n provinsiale openbare entiteit het die Raad 'n wye verskeidenheid belanghebbendes. Dit sluit in die Wes-Kaapse Provinsiale Regering, die Wes-Kaapse Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede, die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie, personeel van die WKRDW, gelisensieerde dobbel- en weddery entiteite, die bevolking van die Wes-Kaap, verskaffers, die omgewing en die media. Minister Mireille Wenger is vanaf 15 Mei 2022 as Provinsiale Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede aangestel. Die WKRDW se beleid vir belanghebbendes lig die meganisme en prosesse in om konstruktiewe verbintenisse met hulle te ondersteun.

Die Nasionale Raad op Dobbelay doen toesig-evaluerings van die Provinsiale Lisensieringsowerhede (PLO'e) se regulatoriese aangeleenthede soos in Artikel 33, gelees saam met artikel 34 van die Nasionale Wet op Dobbelay, uiteengesit. Dit word van die Raad verwag om inligting rakende die verskillende aangeleenthede, soos uiteengesit in Artikel 35 van die Nasionale Wet op Dobbelay, aan die Nasionale Raad op Dobbelay voor te lê.

Lisensiehouers van die Raad word die geleentheid gebied om Komiteevergaderings by te woon, en in sekere gevalle ad hoc Raadsvergaderings, om verhoë aan die Raad oor die betrokke dobbelsektor te rig. Die algemene publiek is welkom om die ope raadsvergaderings van die WKRDW by te woon en vrae of bekommernisse by hierdie vergaderings te opper.

Ander belanghebbendes van die Raad sluit in die Nasionale Raad op Dobbelay, die Provinsiale Dobbelrade, Nasionale Tesourie, Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging, plaaslike regeringsowerhede (munisipaliteite) sowel as die wetstoepassingsagentskappe.

Die Raad werk ook nou saam met die Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbel (SASVD) ten opsigte van opleidingsinisiatiewe, ingrypings vir behandeling vir dobbelprobleme, die SASVD-navorsingsinisiatiewe, probleemdobbelary asook statistieke van selfuitsluitingsprogramme.

2.1.3 EKONOMIESE SITUASIE

Suid-Afrika se groei is vir etlike jare gekniehalter as gevolg van tekorte aan elektrisiteitsvoorsiening. Deurlopende geskeduleerde kragonderbrekings (beurtkrag) het in 2007 begin en het eksponensieel tot byna nege uur per dag in 2022 toegeneem. Ekonomiese aktiwiteit is deur die ernstige elektrisiteitstekort ontwrig en bedryfskoste vir talle besighede wat op duur dieselopwekkers staatmaak, het toegeneem. Dit het ook ander infrastruktuur soos water, IT en dienslewering (gesondheid en onderwys) beïnvloed.

Swak strukturele groei en die COVID-19-pandemie het sosio-ekonomiese uitdagings vererger. Suid-Afrika het sy pre-pandemiese BBP herstel, maar nie sy indiensnemingsvlak nie. Aan die einde van 2022 was daar steeds byna 'n halfmiljoen minder werksgeleenthede as aan die einde van 2019, met vroue en jeugdige wat voortdurend erger geraak is. Ongelykheid bly onder die hoogste in die wêreld, en in 2022 was armoede 'n geraamde 63% wat gegrond is op die bo-middel-inkomstevlak van die armoedelyn van 'n land, net effens onder die hoogste tydens die pandemie. Hierdie tendens het tot toenemende maatskaplike eise vir regeringsondersteuning gelei, wat 'n bedreiging is vir die volhoubaarheid van openbare finansies as daar aan die vereistes voldoen wil word¹.

Ondersteuning word steeds wêreldwyd ontvang, maar toenemende ernstige binnelandse beperkings het daartoe gelei dat die BBP-groei van 4,9% in 2021 afgeneem het tot 2% in 2022. Mynbouproduksie het gedaal en namate beurtkrag en vervoerknelpunte verskerp het, het vervaardigingsproduksie gestagneer. Dienstesektore (finansies, vervoer en persoonlike) en binnelandse handel was belangrik om groei te stimuleer. Die arbeidsmark het swak gebly. Die indiensnemingsverhouding het in September 2021 met 'n pandemie-laagtepunt van 35,9% slegs effens aan die einde van 2022 verhoog tot 39,4%. In hierdie verband is die COVID-19 Noodtoelaag vir Maatskaplike Verligting wat in Mei 2020 ingestel is, vir nog 'n jaar tot Maart 2024 verleng. Sosio-ekonomiese uitdagings is verder vererger deur stygende brandstof- en voedselpryse (brood en graan) wat armes buite verhouding geraak het. In 2022 was inflasie gemiddeld 6,9%, maar vir diegene in die onderste 20% van die inkomsteverdeling was dit 8,2%.

Suid-Afrika bly 'n dubbele ekonomie met een van die hoogste en mees volgehoue ongelykheidskoerse ter wêreld, en 'n Gini-koëffisiënt verbruiksbesteding van 0,67 in 2018. Ernstige ongelykheid word deur 'n nalatenskap van uitsluiting voortgesit en die aard van ekonomiese groei, wat nie armoede onderskryf nie, skep nie voldoende werksgeleenthede nie. Wat rykdom aangaan is ongelykheid selfs hoër, en intergenerasionele mobiliteit laag, met die gevolg dat ongelykheid met verloop van tyd van geslag tot geslag, met min verandering in die status quo, oorgedra word.

Ten spyte van die swak ekonomiese toestande in Suid-Afrika, het die dobbelbedryf aansienlike groei in bruto dobbelinkomste gedurende die 2022FJ ervaar.

Ingevolge die Nasionale Raad op Dobbely se Statistieke vir die 2021/22FJ:

- Die dobbelbedryf het in die 2021/22FJ, die tweede jaar van die Covid-19-pandemie, herstel. Terwyl die 2020/21FJ se beperkende koronavirusmaatreëls die bedryf se bruto dobbelinkomste (BDI) met ongeveer 30% verlaag het, het die verligting van beperkings en algemene herstel regoor die ekonomie tot 'n algehele groei van 48% in 2021/22FJ gelei.
- In die 2021/22FJ het die BDI R34,4 miljard beloop, 'n syfer bo dié van die voorafgaande jaar van R23,4 miljard en R32,7 miljard in die jaar voor die pandemie.
- Die bedryf het R3,2 miljard se belasting of heffings in die 2021/22FJ ingevorder, wat ooreenstem met die pre-pandemiese vlak van R3,2 miljard in die 2019/20FJ. Hierdie syfer was 'n toename van 53,8% in vergelyking met die vorige 2020/21FJ van R2,0 miljard.
- Terwyl die wedderybedryf die grootste hoeveelheid inkomste gegenereer het, dra casino's, relatief tot die weddery- (37,1%), BUM- (14%) en bingosektore (4,4%), steeds die groter aandeel in belasting/heffings (44,5%) by.
- Op die oomblik genereer die wedderybedryf 44,9% van die totale bedryfs-BDI, gevolg deur die casino- (39,9%), BUM- (10,7%) en bingosektore (4,4%). Dit is heeltemal 'n ander prentjie as net 10 jaar gelede toe casino's 80% van die markaandeel van die totale dobbelbedryf gehad het.

Die dobbelbedryf in die Wes-Kaap het 'n bruto dobbelinkomste van R8,5 miljard vir die 2022FJ gegeneer. Dit verteenwoordig 24,9% van die totale bruto dobbelinkomste wat in Suid-Afrika vir die 2022FJ gegeneer is. Die Raad het vir die eerste keer ooit dobbelbelasting en heffings van meer as R1 miljard vir die 2023FJ ingevorder. Sien die tabel hieronder:

Belasting en heffings ingevorder	31 Maart 2023	31 Maart 2022
Provinsiale belastings	1 072 707 983	776 730 501
Jaarlikse lisensiegelde	3 891 309	3 445 987
Rente, boetes en strafregtelike	159 403	85 951
Totaal ingesamel	1 076 758 695	780 262 439

Op grond van bogenoemde is dit duidelik dat die bruto dobbelinkomste aansienlik toegeneem het sedert die vorige jaar.

2.1.4 BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die Raad het 'n mandaat om die dobbelbedryf te reguleer deur die lisensiëring van geskikte en bekwame persone en entiteite om dobbelbedrywighe in die provinsie te behartig en om toe te sien dat die bedryf aan die nasionale en provinsiale dobbelwetgewing voldoen. Deur die lisensieproses ontsluit die Raad ekonomiese geleenthede terwyl dit uitvoering gee aan ekonomiese transformasie en breë-basis bemagtiging, wat op beide nasionale en provinsiale vlak regeringsprioriteite is.

As reguleerder en lisensie-owerheid het die Raad 'n wetlike mandaat om die beginsels van die B-BSEB in die bedryf wat dit reguleer af te dwing en om kwalifiserende kriteria vir die lisensies en ander goedkeurings wat uitgereik word, op te stel. Artikel 10 van die B-BSEB-wet bemagtig die Raad om hierdie kwalifiserende kriteria vir die toekenning van lisensies en ander goedkeurings in die dobbelbedryf te bepaal. Die Raad hou omvattende toesig oor lisensiehouers se B-BSEB-inisiatiewe, -prestasies en -voldoeningsvlakke. Die Raad se sektorkomitees dien as hersienings- en advieskomitees en kontroleer die verskillende sektore van die bedryf se nakoming van lisensievoorwaardes wat deur die Raad opgelê word. Daarbenewens het die WKRDW B-BSEB-teikenvlakke vir elke gelisensieerde operateurhouer in die verskillende sektore van die dobbelbedryf gestel. Lisensiehouers se B-BSEB-prestasies word jaarliks hersien en verskillende voorwaardes word opgelê namate dit nodig, redelik en regverdigbaar is. Dit word gedoen in die belang van maksimalisering van bemagtiging, transformasie en opheffing van persone wat bedoel is om voordeel uit die regering se transformasiedoelwitte te trek.

Lisensiehouers wat nie van die toepassing van die B-BSEB-kodes vrygestel is nie, moet jaarliks deur 'n geakkrediteerde B-BSEB-graderingsagentskap geëvalueer word en die graderingsertifikaat by die Raad indien. Indien lisensiehouers nie die B-BSEB-teikens of voorwaardes nagekom het nie, moet die lisensiehouer verduidelikende inligting indien en die maatreëls aandui wat getref sal word om die vereiste vlak of teiken te bereik.

Benewens die B-BSEB-doelwitte ten opsigte van transformasie, het lisensiehouers verskeie tenderverpligtinge ten opsigte van Korporatiewe Maatskaplike Belegging in die verskillende streke onderneem asook vir verskeie welwillendheidsaksies wat gepaardgaan met die lisensie wat toegeken is. Hierdie verpligtinge word in die voorwaardes vir lisensies uiteengesit en word jaarliks as deel van die Raad se lisensiehernuwingsproses vir nakoming geaudit. Die roete-operateurs, casino-operateurs en gekorporatiseerde beroepswedders het aansienlike korporatiewe maatskaplike beleggingsprojekte met meetbare planne en doelwitte. Hierdie entiteite presteer ook goed volgens sertifisering op die B-BSEB-vlak wat deur die geakkrediteerde verifikasie-agentskappe uitgereik is.

Die Nasionale Raad op Dobbelay van Suid-Afrika kontroleer en publiseer op nasionale vlak data oor die stand van transformasie en ontwikkeling in die dobbelbedryf regoor die land. Op beide nasionale vlak en in die Wes-Kaap Provinsie, dui data daarop dat die finansiële belang en aandeelhouing van die bedryf op 'n paar groot rolspeleers met belange in al die sektore van die dobbelbedryf, gekonsentreer is. Dit verseker dat beheer gesentraliseer is en dat beleide deur alle sektore van die dobbelbedryf, eerder as streeksgerigte metodologieë, op dieselfde manier uitgevoer word. Dit geld vir die belange van casino- en roete-operateurs, met wyer ekonomiese deelname aan die BUM-webwerwe en die beroepsweddersbedryf. Deur verdere maniere van dobbel te lisensieër, sal die Raad, sodra dit goedgekeur is, 'n bemagtigende omgewing skep wat stukrag gee om nuwe toetreders tot die mark te bemagtig en nuwe ruimte bied vir breë-basis bemagtiging.

'n Vier-fase proses is deur die Hoogste Hof van Appèl uiteengesit wat deur die Raad uitgevoer moet word om jaarliks die B-BSEB-verpligtinge van lisensiehouers te hersien. Die Raad het na aanleiding van die hof se waarnemings, 'n nuwe Konsep B-BSEB-beleid gefinaliseer. Om te voldoen aan die instelling van die B-BSEB doelwitte is skakeling met die bedryf gedurende die 2023/24FJ, voor die finale aanvaarding daarvan, dus noodsaaklik vir die Raad. Die doel van hierdie beleid is om die B-BSEB-doelwitte van die Raad vir die dobbel- en wedrenbedryf in die Wes-Kaap uiteen te sit. Die prosesse wat kwartaalliks en jaarliks onderneem moet word om die B-BSEB-doelwitte wetlik, prosedureel en op 'n behoorlike billike wyse na te kom, moet ook aangedui word.

2.1.5 UITBREIDING VAN DOBBELBEDRYF

Die Raad het 'n besluit geneem om die dobbelgeleenthede wat tot dusver uitgerol is uit te brei deur ander maniere van dobbel, soos in Artikel 27 van die Wet uiteengesit, in te sluit. Dit sluit die lisensiëring van Junkets, Bingo en Tipe B, C en D BUM-aanbiedinge in. Die Raad is te alle tye daarvan bewus om te waak teen oorstimulering van dobbelary, sy plig om die risiko's en voordele van dobbel te balanseer en alle mededingende belange van die gemeenskap en om 'n aansoeker om 'n lisensie in ag te neem. Gevolglik het die Raad 'n openbare deelnameproses onderneem en die publiek en belanghebbende partye uitgenooi om kommentaar te lewer oor die wenslikheid om die maniere van dobbel uit te brei. Die Raad sal steeds gelei word deur die relevante regsoorwegings en navorsing.

Daar is tans 3,000 BUM'e wat vir ontplooiing in die provinsie gelisensieer is. Die Raad het tot op hede Tipe A BUM-terreinlisensies ontplooi, wat werfoperateurs toelaat om tot 5 BUM'e vir klante in hul gelisensieerde BUM-terreinstellings vir speel beskikbaar te stel. Tipe B BUM-terreinlisensies maak voorsiening vir tot 20 BUM'e en Tipe C BUM-terreinlisensies laat tot 40 BUM'e by 'n gelisensieerde BUM-terrein toe. 'n Tipe D BUM laat 'n onafhanklike terreinoperateur toe om tot 40 BUM'e vir speel beskikbaar te stel. Bykomende regulatoriese goedkeurings is noodsaaklik vir hierdie kategorieë BUM-terreinlisensies en duidelike beleggings- en regulatoriese vereistes word hiervoor voorgeskryf. Die Raad is besig om die nodige maatreëls daar te stel om die ontplooiing van Tipe B en C BUM-terreine te vergemaklik.

Afgesien van die ekonomiese winste vir 'n lisensiehouer en die dobbelbelasting wat die Provinsie toekom, skep die uitbreiding van dobbelgeleenthede werk en bied dit geleenthede vir nuwe marktoetreders in die dobbelbedryf. Verder bevoordeel dit ook die breër gemeenskap deur korporatiewe maatskaplike belegging, infrastruktuur, ontwikkeling en opleiding van personeel, geleenthede vir leerlingskappe en werksblootstelling.

2.1.6 ONTWIKKELING IN DIE INDUSTRIE

Sportweddenskappe

Individue en besighede in baie sektore het tydens die COVID-19-beperkings na aanlyn handel en digitalisering oorgeskakel. Dit het die groei in e-handel aangevuur, wat ook die eksponensiële groei in afgeleë wedderytransaksies deur middel van aanlyn-, selfoon- en telefoonmetodes versterk het. Spelers kan nou vanaf enige plek weddenskappe plaas sonder dat dit nodig is om 'n dobbellokaal of weddenskapperseel te besoek. As gevolg hiervan kan die Raad dus ook groter belastinginvorderings ten opsigte van weddenskappe op sport via telefoon-, selfoon- en aanlynmetodes doen. Weddenskappeleenthede en spelaanbiedinge vir weddery wat 'n groter verskeidenheid weddenskappe vir beroepswedders bied, het ook geweldig uitgebrei.

Perdewedrenne

As 'n sport het perdewedrenne swaargekry, beide finansiële asook belangstelling in die sport vir weddenskapdoeleindes. Die Raad het die afgelope paar jaar 'n aansienlike afname in weddenskapbelasting vir perdewedrenne opgemerk, beide met totalisator-weddenskappe (oop weddenskappe) en vaste-kans-weddenskappe.

Die Totalisator-operateur ondersoek 'n aantal nuwe voorstelle wat nie net die wedderyprodukte sal opknip nie, maar ook die voorkoms en atmosfeer van sy wedrenlokale. Dit behoort 'n positiewe uitwerking op perdewedrensport te hê en kliënte te lok om na wedrenlokale as 'n bestemming van keuse terug te keer.

Interaktiewe/aanlynspelletjies

Die internasionale en plaaslike uitbreiding van e-handel ondersteun die behoefte na die wettiging en regulering van interaktiewe dobbelary. Suid-Afrika handhaaf die statutêre verbod op interaktiewe of aanlyn dobbelary. Dit beteken dat daar geen wettige alternatiewe vir die publiek beskikbaar is om aan onwettige dobbelary met ongelisensieerde en gewetenlose operateurs deel te neem nie. Hierdie ongelisensieerde operateurs betaal nie belasting nie, is nie gebonde aan verantwoordelike dobbelvereistes nie en skep nie betekenisvolle werk nie. Hulle ding op onverklaarbare wyse ook met gelisensieerde operateurs mee en dit blyk baie moeilik te wees om onwettige

aanlynoperateurs permanent te sluit. Die staat het 'n plig om onwettige dobbeloperateurs vas te vat en hul deure te sluit, 'n prestasie waarin die Raad aansienlike vordering gemaak het.

Gelisensieerde operateurs word aan 'n streng lisensieproses onderwerp om te verseker dat die bedryf vry van korrupsie en onwettige aktiwiteite is. Voorleggings is op nasionale vlak aan beleidmakers deur die Raad gedoen met die pleidooi dat meganismes ingestel word om interaktiewe dobbelary te lisensieer en te reguleer. 'n Kennisgewing van voorneme om 'n Privaatwetsontwerp in die Nasionale Vergadering van die Parlement in te dien en 'n Uitnodiging vir Kommentaar op die Konsepwetsontwerp op Verafgeleë Dobbelary, is op 2 September 2022 in die Staatskoerant gepubliseer. Die Raad hou die verwickelinge gretig dop aangesien dit beter is om interaktiewe dobbelary te reguleer as om die huidige onafdwingbare verbod te handhaaf.

Konsep wysigingswetsontwerpe/Beleidsbepalings

Konsep wysigingswetsontwerpe wat voorsiening maak vir die verskuiwing van 'n afgeleë casino na die metropool is vir openbare kommentaar gepubliseer. Hierdie wysigings word nog deur die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie (WKPT) oorweeg. Die Provinsiale Regering doen 'n Beleids hersiening, wat tot die aanvaarding van 'n nuwe Beleidsregime vir lisensieëring en verdere aanbiede van dobbelmetodes in die Provinsie kan lei.

As gevolg van 'n aantal ontwikkelings in die industrie is die dobbellandskap besig om te verander, wat die moontlike verskuiwing van 'n casino na die metropool insluit, asook 'n verandering van groot dobbelbelastingbydraers en die ontplooiing van nuwe maniere van dobbel. Die Hooggeregshof het sekere afdelings van die Beleidsbepalings ongeldig en van geen krag en effek verklaar, terwyl ander met die verloop van tyd verval het. Die uitspraak baan die weg vir casino-operateurs om by die Raad aansoek te doen vir hervestiging van hul bestaande gelisensieerde perseel na 'n ander gebied aangesien die vereiste van slegs een casino in elk van die vyf streke van die Provinsie weggeval het. Die Hof het die Raad verder beveel om aansoeke vir die hervestiging van casino's te oorweeg.

Navorsingsinisiatiewe

Die WKRDW het besluit om navorsing te laat doen oor die voorkoms van dobbel in die provinsie, probleemdobbelary en lisensiehouers se bestuurstelsels van hul wedderye.

Die navorsingsuitkomstes is soos volg:

- (i) Die sosio-ekonomiese gevolge van dobbel in die Wes-Kaap;
- (ii) Die versadigingsvlak van dobbel, voorkeure en die gevolge van gelisensieerde dobbelgeleenthede;
- (iii) Dui die verskillende metodes aan om dobbelskade te verminder en beskryf die bestuurstelsels van dobbel van lisensiehouers; en
- (iv) Die gevolge van skadevermindering of verantwoordelike dobbelinstrumente vir verantwoordelike dobbelary.

Verantwoordelike dobbelary

Die Raad het onder die vaandel van die Komitee vir Verantwoordelike Dobbel meer fokus op verantwoordelike dobbelary geplaas. Die Raad betrek ook lisensiehouers oor maatreëls wat deur die bedryf ingestel moet word om kliënte wat probleme ondervind om hul dobbelgewoontes of besteding te bestuur by te staan, verantwoordelike dobbel aan te moedig en persone wat uitgesluit is om aan dobbelary deel te neem, aan te dui. Die Raad is besig om die Algemene Reëls te wysig om 'n onus op elke Lisensiehouer te plaas om Interne Beheerstandaarde te ontwikkel, veral om verantwoordelike dobbelary te bevorder.

2.1.7 BEWUSTHEIDSPROGRAMME DEUR DIE RAAD

Geleenthede vir dobbelary en wedrenne hou besondere risiko en gevare vir die inwoners van die Wes-Kaapse in. Ingevolge die aanhef van die Wet regverdig dit dus die oplegging van toepaslike beperkings en beheermaatreëls. Dit is dus belangrik dat die Raad die publiek opvoed oor die gevare wat dobbelary inhou en van lisensiehouers vereis om verantwoordelike dobbelmaatreëls te tref.

Die Raad skep dus voortdurend bewustheid oor sy doel en mandaat, wettige maniere van dobbel, probleemdobbelary en dienste wat beskikbaar is om mense met dobbelprobleme te ondersteun, asook onwettige dobbelary en die rapportering daarvan.

Agt (8) bewusmakingsprogramme is tydens die jaar onder oorsig deur die Raad, in samewerking met die Thusong-program, aangebied. Die bewusmakingsprogramme het sosiale media- en radioveldtogte, verspreiding van inligting in koerante sowel as persoonlike verbintenisse ingesluit.

2.1.8 UITSKAKELING VAN ONWETTIGE DOBBEL

Gedurende die jaar onder oorsig is 55 bewerings van onwettige dobbelary by die Raad aangemeld. Besonderhede van die bewerings word hieronder aangedui:

- 55 is binne 30 dae volledig ondersoek;
- 36 van die bewerings is as onwettige dobbelinstellings bevestig; en
- 19 bewerings was ongegrond.

Die Raad wil graag die Suid-Afrikaanse Polisdienste (SAPD) bedank vir hul bystand gedurende die oorsigjaar. Sonder hul bystand sou die Raad nie onwettige dobbelary in gemeenskappe suksesvol kon uitskakel nie.

2.1.9 KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE BELEGGING

Die WKRDW is 'n 3C WOFB Provinsiale Openbare Entiteit wat nie finansiële selfversorgend is nie en op staatstoelae staat maak om sy begroting te finansier.

Die Raad se finansiële surplusse word aan die WK Provinsiale Fiskus oorgedra en behou dienooreenkomstig nie surplusfondse nie, tensy die Raad aansoek doen om kontantsurplusse vir spesifieke doeleindes te behou. Die WKRDW is dus nie in staat om enige korporatiewe maatskaplike beleggingsinisiatiewe uit sy begroting te finansier nie.

Die WKRDW vereis egter dat die dobbelbedryf korporatiewe maatskaplike beleggingsinisiatiewe in hul verskillende opvanggebiede moet finansier. Die Raad se lisensiehouers word dus by hul KMB-inisiatiewe betrek, hersien besteding en die begunstigdes, besoek die begunstigdes om die doeltreffendheid van die KMB-projekte te assesser en moedig volhoubare projekte as begunstigdes aan.

2.1.10 INVLOED VAN DIE COVID-19 PANDEMIE

Die WKRDW het, in ooreenstemming met die verslapping van die COVID-19-regulasies in Suid-Afrika, sy COVID-19-protokolle verslap.

Sanitasieprodukte word egter steeds op sy perseel verskaf en daar word van werknemers en besoekers vereis om te ontsmet. Waarskuwingsborde oor die gevare van die COVID-19 en die verspreiding daarvan word steeds vertoon. Handeldryf in verskeie sektore van die dobbelbedryf het steeds nie, soos voor die Covid-toestande, ten volle herstel nie, maar is besig om nader aan die pre-Covid-syfers te beweeg. Die COVID-19 het 'n merkbare uitwerking op die topografie van die dobbelbedryf gehad.

Voor die COVID-19-pandemie was die casinosektor die grootste bydraer tot die dobbelbelasting. Die beroepsweddersektor is nou, na die COVID-19, die grootste bydraer. Dit terwyl die casinobelastingkoerse baie hoër is as die beroepsweddersbelastingkoerse. Die subsektor van aanlyn-beroepswedders in die Wes-Kaapse dobbelbedryf het die meeste uitgebrei.

2.1.11 TEGNOLOGIE EN INLICHTING

Tegnologiese vernuwings, veral vanuit 'n IKT-perspektief, word as die hoofdryfvere vir tegnologiese, sosiale, ekonomiese en kulturele veranderinge beskou. Die IKT-vernuwings het veranderinge die vinnigste beïnvloed en organisasies wyer laat dink oor hoe hulle normale sakepraktyke sou benader.

As gevolg van die unieke uitdagings wat organisasies wêreldwyd in die gesig staar, is herevaluering van bestaande strategieë deur alternatiewe meganismes te oorweeg, noodsaaklik vir besigheidskontinuiteit. Die geweldige afhanklikheid van digitale tegnologie, transformasie en konektiwiteit het organisasies se sterk- en swakpunte, geleenthede en bedreigings beïnvloed. Uitgebreide internetverkeer, gekoppelde toestelle en die Internet van Dinge (IoT) verhoog die bedreiging van kuberaanvalle. Daarom is daar 'n groter vraag na IT-sekureiteitsprodukte, sagteware, dienste en ondervinding.

Die Kantoor van die Raad was nie teen hierdie bedreigings beskerm nie en moes besluit of hy oor die vermoë beskik het om verder te funksioneer. Die WKRDW het steeds daaraan gewerk om sy netwerkvermoë vir 'n verspreide arbeidsmag te versterk, sy sekureiteitsverdedigingsmeganismes te verbeter, werknemers van die nodige toerusting te voorsien om van die huis af te werk (WVH), veilige afstandtoegang via virtuele privaatnetwerke moontlik te maak om toegang tot die WKRDW-netwerk en produksiestelsels te verkry en instrumente vir samewerking en

digitale platforms voorsien. Die WKRDW Sekuriteitsbeleid en Geheimhoudingsverklaring, die Gedragskode en Artikels 17 en 19A van die WCGRA, is aan alle WKRDW-werknemers oorgedra om te verseker dat inligting en data beskerm word.

Bo en behalwe dat die personeel van die WKRDW in staat gestel word om op afstand te werk, is videokonferensies, samewerking en kommunikasievermoë steeds in die verspreide werksomgewings moontlik. Raads-, komitee- en departementele vergaderings was dus steeds gehou word om inligting te deel, ondersteuning te verskaf en personeel op te lei. Kommunikasie met belanghebbendes het deur middel van telefoongesprekke, e-posse sowel as videokonferensies plaasgevind.

Die Finansiële en die IT-komitee sowel as die Ouditkomitee het toesighoudende verantwoordelikheid vir die doeltreffendheid en effektiwiteit van die Raad se IKT-hulpbronne. Kwartaalike interne IKT- en ouditverslae is aan die komitees voorgelê om te verseker dat effektiewe beheermaatreëls vir Interne IKT-bestuur en sekuriteit gehandhaaf word. Risiko's en beheermaatreëls verbonde aan die interne IKT-funksie is in die Raad se Risikoregister ingesluit en dienooreenkomstig bestuur. Die IKT-aktiwiteite is deur die WKRDW se Dienstoonbankbestuurstelsel hanteer, terwyl roetine-instandhouding van die IKT-afdeling deur middel van 'n verspreide metodologie gedoen is. 'n Verdere fokusarea vir die Raad was sy skuif na outomatisering van sy besigheidsproses. Genesis, 'n aanlyn gedigitaliseerde outomatiseringstelsel, is ontwikkel en ingestel wat 'n meganisme vir die bedryf en die Kantoor van die Raad verskaf om aansoeke vir dobbellisensies te verwerk. Genesis word ook, volgens behoefte, voortdurend verbeter om doeltreffende lisensieverwerking aan die Kantoor van die Raad en die bedryf te verskaf. Tegnologiese vooruitgang het voortdurend tot nuwe en innoverende metodes gelei om aanlyn te dobbel en op sport te wed. Oor die afgelope drie jaar het aanlyn-wedderij, in vergelyking met ander vorme van dobbel soos casino, die BUM en totalisator eksponensieel toegeneem. Die Raad sorg dat personeel voldoende opgelei is, en hulpbronne het om wydverspreide en voortdurende tegnologiese veranderinge te hanteer.

2.1.12 BYWONINGS VAN KONFERENSIES

Die WKRDW bly op hoogte van tendense in beide die dobbelbedryf en die regulatoriese omgewing deur konferensies by te woon. Daarbenewens is nuwe metodologie en gebruike met betrekking tot verantwoordelike dobbel en voorkoming of minimalisering van probleemdobbel by byna elke dobbelkonferensie een van die onderwerpe.

Netwerkgeleenthede by konferensies bied 'n geleentheid om by kundiges in die bedryf te leer en kennis op te doen. Netwerking maak dit moontlik vir konferensiegangers om goeie en wedersyds voordelige verhoudings te bou wat tot samewerking en vennootskappe kan lei.

Gedurende die oorsigjaar het die WKRDW afvaardigings na die volgende konferensies gestuur:

- Internasionale Vereniging van reguleerders van Dobbelary – Melbourne; Australië
- 'n G2E dobbeluitstalling – Las Vegas; Verenigde State van Amerika
- Internasionale Casinos Uitstalling(ICU) – Londen; Groot Brittanje.

Tydens die jaar onder oorsig het die Raad die volgende voordele getrek deur konferensies by te woon:

- Stelsels is bepaal wat op die Raad van toepassing sal wees terwyl hy besig is om al sy handproesse te outomatiseer as gevolg van beide groei en vooruitgang in die bedryf.
- Die noodsaaklikheid vir opvoeding en om steeds openbare bewustheid te kweek oor beide onwettige dobbelary en probleemdobbelary kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit is juis deur sulke inisiatiewe dat ander regulerende liggame, alhoewel min, 'n afname op beide gebiede waargeneem het.
- Die weddenskaptelling is 'n interessante konsep wat vereis dat wedders 'n telling moet gee voordat 'n dobbelrekening oopgemaak word en die lewensvatbaarheid van die konsep sal deur die Raad ondersoek word.
- In vergelyking met landgebaseerde kliënte dui statistieke van aanlynwedders daarop dat hulle aan 'n groter risiko blootgestel word om dobbelprobleme te ontwikkel. Verantwoordelike dobbelmaatreëls vir aanlynwedders moet dus verbeter word.
- Volgens inligting afgelei uit die paneelbespreking en die aanbiedings, moet die Raad die huidige uitsluitingsproses heroorweeg en aanbevelings maak oor moontlike veranderinge vir groter buigsaamheid en om 'n meer pasgemaakte uitsluitingsaansoek te oorweeg, wat daarop gemik is om meer persone aan te moedig om die proses soos 'n uitsluitingstydperk, uitsluitingsbeperkings, ensovoorts, te oorweeg.

- Die Kantoor van die Raad moet met die Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbel (SASVD) in gesprek tree oor die doeltreffendheid van die huidige hulplyn en of enige oorweging aan die volgende geskenk word:
 - o Integrasie met ander hulplyne;
 - o Vinniger reaksietyd op alle oproepe;
 - o Oproeper-identiteit – selfs al beëindig die persoon die oproep voordat dit opgetel word. Dit is in gevalle waar die persoon 'n besluit neem om behandeling aan te vra, maar die oproep beëindig voordat dit deur 'n berader beantwoord word. Dit sal die SASVD in staat stel om 'n kontaknommer te hê sodat hierdie persoon gekontak kan word; en
 - o Indiensneming van bykomende personeel.
- Dit is baie belangrik dat reguleerders nie net betrokke raak by die voorkomende maatreëls vir probleme met dobbelary nie (wat wel die Raad se mandaat is), maar ook by die behandeling daarvan. Alhoewel professionele gesondheidspersoneel beslis die kliniese aspekte van mense wat hulp soek kan hanteer, kan die reguleerders en die bedryf inligting verskaf wat help om die kern van die probleem vas te stel. Die gesondheidspersoneel kan dan op hul beurt help om 'n verantwoordelike dobbelwetgewing en -beleid in die lig van hul kliniese benadering tot die saak, op te stel.
- Na oorweging van die gevolge van ongemagtigde en onwettige advertensies, sal die Kantoor aanbevelings aan die Raad rakende laasgenoemde maak. Daar is nie veel wat die Raad oor hierdie advertensies kan doen nie; maar beide vorme van advertensies is egter faktore wat tot probleemdobbelary bydra.

2.1.13 OPENBAARMAKINGS DEUR KORPORATIEWE BESTUUR SOOS DEUR DIE KING IV-KODE VEREIS WORD:

Ingevolge die King IV-kode word van die Raad verwag om sekere openbaarings met betrekking tot korporatiewe bestuur te maak. Die Raad se King IV-verslag is op sy webwerf by www.wcgrb.co.za beskikbaar.


2.1.14 DIENSLEWERINGSOMGEWING

Op 31 Maart 2023 het die wettige dobbel- en resiesbedryf in die Wes-Kaap, wat die volle geografiese gebied van die Wes-Kaap insluit, uit die volgende bestaan:

Lisensie-aktiwiteit	31 Maart 2023	31 Maart 2022
Gelisensieerde casino's	5	5
Gelisensieerde beperkte uitbetaling-masjienoperateurs	2	2
Gelisensieerde beroepswedders	58	53
Gelisensieerde totalisators	1	1
Gelisensieerde persele	702 (488 BUM'e 160 Beroepswedders 54 Totalisators)	665 (462 BUM'e, 147 Beroepswedders, 56 Totalisators)
Gelisensieerde dobbeltoestelle	6 798	6 717
Werknemerlisensies*	6 265	6 392

*Die Raad reageer slegs op behoorlike aansoeke wat uit die bedryf ontvang word.

Wes-Kaapse Munisipale Grense



Geografiese verspreiding van gelisensieerde dobbelbedrywigheid

Perseel	1 Stad Kaapstad	2 Eden	3 Kaapse Wynlande	4 Overberg	5 Weskus	6 Sentraal Karoo
Casino's - 5	1	1	1	1	1	0
BUM-terreine - 488	344	56	14	25	48	1
Beroepswedders - 160	144	4	11	1	0	0
Totalisators - 54	45	5	4	0	0	0

2.2 ORGANISATORIESE OMGEWING EN STRUKTUUR

Teen 31 Maart 2023 het die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede vyf (5) lede op die Raad aangestel. Nege-en-sestig poste (69) uit 'n totaal van vier-en-sewentig (74) goedgekeurde poste is gevul.

Alhoewel die dobbelbedryf jaar na jaar uitbrei het die huidige organisasiestruktuur, sedert die stigting van die Raad, hoofsaaklik dieselfde gebly. Om 'n optimale organisasiestruktuur te verseker het die Raad besluit dat sy organisasiestruktuur hersien moet word en 'n diensverskaffer is aangestel om met hierdie ingryping te help.

Om die Organisasoriese Ontwikkelingskonsultante (OO) in staat te stel om die hersiening van die WKRDW se organisasiestruktuur te ontwikkel en te finaliseer is die werwingsproses vir die vyf vakante poste uitgestel. Hierdie hersiening sal na verwagting gedurende die 2023/24-prestasietydperk voltooi word, waarna goedkeuring vir die instelling daarvan gevra sal word.

Die Raad gaan voort om die ingrypings in te stel wat bepaal is vir die plan om die kultuur van die Organisasie en Leierskap te verander. Die plan bevat twaalf (12) afsonderlike aksiepunte waaraan personeel en bestuur binne spesifieke tydlyne aandag moet gee. Hierdie aksiepunte sluit, onder andere, die bevordering van kulturele diversiteit en 'n positiewe kultuur van verandering in.

Die organisasiestruktuur sal beïnvloed word deur die Raad se besluit om dobbelgeleenthede (wat nie tans in die Wes-Kaap aangebied word nie) uit te brei. Die bestaande personeel is moontlik nie voldoende om die operasionele eise of bykomende volumes van lisensie-aansoeke te hanteer nie. Met betrekking tot die potensiële bykomende hulpbronne wat nodig mag wees, is die Raad besig met 'n oorsig van sy Organisasoriese Struktuur om toekomstige operasionele behoeftes te bepaal.

2.2.1 AKKOMMODASIE

Die Wes-Kaapse Raad op Dobbely en Wedrenne word tans in 'n perseel wat deur die Wes-Kaapse Departement van Infrastruktuur gehuur word, gehuisves. Die huurkontrak verstryk op 31 Oktober 2023.

Die WKRDW is in kennis gestel dat aangesien dit 'n outonome openbare entiteit is wat nie deel van die staatstruktuur is en dus nie op dienste van staatsdepartemente of -strukture kan staatmaak nie, hy verantwoordelik is om sy verblyf vir die toekoms te bekom. Die Raad het dus besluit dat dit voordelig vir die WKRDW sal wees om 'n gebou te koop vir akkommodasie eerder as om een te huur, aangesien dit ook as 'n belegging sal dien.

'n Geskikte gebou vir okkupasie na 31 Oktober 2023 is geïdentifiseer met die skryf van hierdie verslag. Die Raad het Raads- en ministeriële goedkeuring verkry om die gebou te bekom en die eiendom is tans in die oordragproses. Die Provinsiale Tesourie het die Raad se aansoek vir die behoud van surplusfondse ten bedrae van R14 951 588 van die 2022FJ goedgekeur. Die totale goedgekeurde opgehoopde surplusse wat opsy gesit is vir kantoorakkommodasie, inaggenome die goedgekeurde kontantsurplus van R16 573 207 ten opsigte van 2021FJ, beloop dus R31 524 795. Hierdie bedrag sal voldoende wees om die gebou te koop en op te knap om in die WKRDW se behoeftes te voorsien.

2.2.2 MAATREËLS VIR BEROEPSGESONDHEID EN -VEILIGHEID

Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (WBV) lê die verantwoordelikheid op die werkgewer om, sover dit redelik prakties is, 'n gesonde veilige werksomgewing te verskaf en in stand te hou en wat geen risiko vir sy werknemers se gesondheid inhou nie. Die Raad beslaan 'n gedeelte van 'n gebou, maar verseker dat dit aan die WBV voldoen.

In die lig van die COVID-19-pandemie word veral aandag aan voorkoming gegee. Dit sluit die instelling van risikobeheermaatreëls vir higiëne, voldoende ventilasie en genoeg ruimte in om die verspreiding van aansteeklike siektes te voorkom. Die Raad het 'n risiko-evaluering in ooreenstemming met die Kode vir Goeie Praktyk oor die Bestuur van Blootstelling aan die SARS-COV-2 in die werkplek gedoen wat op 24 Junie 2022 in werking getree het. In terme van die risikoklassifikasie word die Raad as laag geklassifiseer. Hierdie kategorie sluit poste in wat nie noue kontak met ander vereis nie, waar werkers altyd 'n afstand van 2 meter van medewerkers, kliënte en die publiek kan handhaaf.

Die Raad het volle beheer oor sy interne omgewing. Hoëkontakareas van blootstelling, aktiwiteite of werkpraktyke, sowel as werkprosesse het deel van die assessering gevorm en die huidige beheermaatreëls is voldoende gevind om blootstelling aan die COVID-19 te versag.

Die Raad het 'n funksionerende Beroepsgesondheid- en Veiligheidskomitee (WBV-komitee) wat ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid ingestel is. Die WBV-komitee, wat verteenwoordigers van alle departemente op die Raad het, vergader gedurende die jaar met vasgestelde kwartaallikse tussenposes om die Gesondheid- en Veiligheidsomgewing by die Raad te evalueer en om aandag te gee aan enige kwessies wat mag opduik.

2.2.3 OPLEIDING EN ONTWIKKELING

Heropleiding en bemagtiging van personeel bly 'n belangrike prioriteit vir die Raad. Hierdie benadering sal die Raad versterk in sy doel om sy menslike kapitaal optimaal te benut en ontwikkel.

Vir die jaar onder oorsig het die Raad R529 097 belê om sy werknemers op te lei en te ontwikkel. Dit verteenwoordig 1,06% van die totale koste van indiensneming. Opleiding wat gedurende die oorsigjaar aangebied is, was op alle werknemervlakke in die organisasie gerig. 'n Wye reeks opleidingsgeleenthede om werknemers se professionele vaardighede te ontwikkel, hul kennis te verhoog en hul bekwaamheid te versterk om organisatoriese strategiese doelwitte te bereik, is aangebied.

Daar kan nie van Raadslede verwag word om uit hul eie die nodige kennisbasis te hê om besluite in die veranderende dobbelaryomgewing te neem nie. Dit is dus Raadslede se plig om opgelei te wees om betekenisvolle uitvoering aan hul mandaat te gee. Raadslede is vir hierdie doel by die Instituut van Direkteure Suid-Afrika (IDSA) geregistreer om te verseker dat hulle geleenthede het om met eendersdenkende professionele persone te netwerk. Die IDSA verskaf praktiese dienste aan Raadslede wat daarop gemik is om die ontwikkeling, begrip en toepassing van goeie bestuurspraktyke te verseker. Bywoning van konferensies en geleenthede in die bedryf word gebruik om op hoogte te bly van verwickelinge in die dobbelbedryf.

2.3 BELANGRIKE BELEIDSONTWIKKELINGE EN WETGEWENDE VERANDERINGE

Die dobbelbedryf is 'n tegnologiesgedrewe bedryf wat vinnige tegnologiese veranderinge en vinnige omkeertye vir regulatoriese goedkeurings vereis. Die Raad hersien voortdurend sy regulatoriese prosesse en werk aan outomatisering van alle prosesse in sy diensleweringomgewing.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Regering het opdrag gegee vir navorsing oor die ekonomiese en beleidsvoorskrifte wat op die dobbelbedryf in die Wes-Kaap van toepassing is. 'n Eksterne diensverskaffer doen die navorsing en die navorsingsbevindinge en aanbevelings kan tot die uitreiking van 'n Groen- en/of Witskrif oor regulering van Dobbelay lei. Die uitkomst van die navorsing kan dus 'n nuwe beleidslandskap oor dobbelregulering tot gevolg hê.

2.3.1 LITIGASIE

Die dobbelbedryf blyk baie prosedeersiek te wees, en lei daartoe dat die Raad se besluite en optrede dikwels op grond van lisensiehouers en ander rolspelers se gevestigde ekonomiese belange uitgedaag word. Sommige sake is van suiwer openbare belang of in sekere gevalle bied die hofuitsprake regsekerheid oor aangeleenthede waar die Raad en lisensiehouers verskillende regsbeskouings het. In sulke gevalle stem die partye gewoonlik ooreen dat 'n verklarende hofbevel die beste oplossing is. As 'n reguleerder oorweeg die Raad breër kwessies van openbare belang en nie bloot dié van kommersiële belang nie. Die Raad neem dus nie deel aan alle litigerende aangeleenthede waar hy as 'n belanghebbende party aangehaal word nie, maar besluit oor sy deelname na gelang van die aard van die geding en die regsimplikasies wat dit op die Raad se mandaat sal inhou en die bedryf wat hy reguleer.

'n Casino-operateur het 'n aansoek teen die Raad en die Provinsiale Minister van Finansies van die Wes-Kaap as respondente gebring om 'n Verklarende Bevel wat, onder andere, bevestig dat krediete vir vryspel nie 'n "druppel" uitmaak in die berekening van aangepaste bruto inkomste nie en nie deel vorm van die belasbare inkomste volgens Artikel 64 van die Wet, gelees met Bylae III nie. Verder, dat die Hof gelas, sou dit 'n bepaling maak dat die applikante wel belasting betaal het wat nie ingevolge die regsargument voor die Hof verskuldig is nie, enige oorbetalings van belasting terugbetaal of verreken moet word teen die toekomstige belastingaanspreeklikheid van die applikante. Uitspraak is op 29 April 2020 ten gunste van die applikant gelewer, waar die Hof beslis het dat vryspel nie deel uitmaak van die "druppel" vir doeleindes van die berekening van aangepaste bruto inkomste nie en nie deel vorm van belasbare inkomste ingevolge artikel 64 van die Wet, saamgelees met Bylae III, nie. Ingevolge Artikel 64 van die Wet is die Raad beveel om die oorbetalde belasting teen die applikant se toekomstige belastingverpligtinge te verreken. Die Raad en die Minister het verloop gekry om na die SAA te appelleer, waar die saak beredeneer is en uitspraak voorbehou is.

'n Rolspeler in die dobbelbedryf het om 'n hersiening aansoek gedoen, tesame met 'n Interdik in die Hooggeregshof, waarin die Hof versoek word om te beveel dat die Raad hom daarvan weerhou om sy besluit om die oorblywende 1 000 BUM'e proporsioneel aan die bestaande twee Roete-operateurs toe te ken, hangende die uitslag van die Hersieningsaansoek. Verder dat die Raad se besluit hieroor hersien en tersyde gestel word. 'n Elektroniese Uitspraak is op 20 April 2021 gelewer. Die hersieningsaansoek was suksesvol en ten gunste van die applikante toegestaan. 'n Volbank van die hooggeregshof het op appèl beslis dat die aanvanklike hersieningsvonnis opgeskort word, hangende die uitslag van die appèlle na die SAA. Die aangeleentheid is steeds aan die gang en die saak is vir verhoor op 15 Augustus 2023 in die SAA neergesit.

'n Casino-operateur het aansoek gedoen om 'n Verklarende Bevel teen die Premier van die Wes-Kaap, die Provinsiale Minister van Finansies en die Raad as Respondente in te dien, wat bevestig dat sekere paragrawe van die Wes-Kaapse Dobbelen- en Wedrenbeleidsbepalings ultra vires, ongeldig en van geen krag en effek is nie, en dat die Raad bevoeg is om die wysiging van 'n casinolisensie ingevolge die Wet te oorweeg en te bepaal. Die Hooggeregshof het op 2 Julie 2021 uitspraak ten gunste van die applikant gelewer waar die Hof bevind het dat die gewraakte beleidsbepalings wat 'n omgewing van eksklusiwiteit skep ongeldig en van geen krag en effek is nie; dat die Raad, ingevolge Artikel 41(2) van die Wet, bevoeg is om 'n aansoek deur enige applikant te oorweeg en te bepaal om 'n afgeleë casino na die Kaapse Metropool te hervestig, en dat die ongeldigheidsverklaring vir 'n tydperk van een jaar opgeskort word om voorsiening te maak vir die instelling van 'n nuwe regulatoriese beleid vir dobbelay. Die Premier en Minister van Finansies het 'n aansoek om verlenging van die 12-maande skorsingstydperk soos deur die hooggeregshof beveel, ingedien. Die aansoek met koste is van die rol geskrap aangesien die Hof bevind het dat die aansoek nie dringend was nie. Die hooggeregshofbevel het op 1 Julie 2022 in werking getree.

Die Hooggeregshof van Appèl het op 24 Junie 2022 uitspraak gelewer en die B-BSEB-verwante lisensievoorwaardes wat in 1999 aan drie lisensiehouers opgelê is, tersyde gestel. Die Hof het bevestig dat die Raad bevoeg is om die B-BSEB-verwante lisensievoorwaardes ingevolge artikel 54 van die Nasionale Dobbelwet, 2004 op te lê, maar die Hof het gemeen dat die Raad nie voldoen het aan die voorvereistes wat deur die bemaagtigende bepaling gestel is vir die oplegging van die voorwaardes nie. Die 2017-voorwaardes is vervang deur voorwaardes wat jaarliks deur die Raad opgelê word.

2.3.2 HUIDIGE WETGEWENDE OORWEGINGS

Die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Dobbelary (B27B-2018) is in 2018 gepubliseer. Die wetsontwerp poog om die Nasionale Wet op Dobbelary (2006) te wysig om die samestelling van die Nasionale Raad op Dobbelary in 'n funksionerende entiteit te verander wat aan die DHNM rapporteer, met 'n Hoofuitvoerende Beamppte aan die stuur van die entiteit. Die wetsontwerp poog ook om, onder andere, sekere statutêre fooie vir gesentraliseerde monitering van provinsiaal-gelisensieerde dobbeloperateurs in te stel en om bestuursaangeleenthede met betrekking tot die Nasionale Raad se Beleid op Dobbelary te hanteer. Die Wetsontwerp is deur beide huise van die Parlement oorweeg en is op 14 Desember 2021 deur die Nasionale Raad van Provinsies verwerp en ingevolge Gesamentlike Reël 186(1) (a) na die Bemiddelingskomitee verwys.

Die Negentiende Wes-Kaapse Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne (2021) is op 23 Junie 2021 in die Provinsiale Koerant gepubliseer. Dit dui aan dat die wysigingswet op 'n datum wat deur die Premier in die Staatskoerant geproklameer sal word, in werking sal tree. Die 19de Wysigingswet het nuwe casino-Operateurfooie en roete-Operateurfooie voorgeskryf. Die inwerkingtreding van die 19de Wysigingswet sou die Raad se begrotingsvereistes en sy doelwit om selfversorgend te word aansienlik versterk het. Die Wes-Kaapse Negentiende Konsepwysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2022 (“die Herroepingswetsontwerp”) is op 2 Desember 2022 vir kommentaar gepubliseer en poog om die Negentiende Wysigingswet te herroep. Die Herroepingswetsontwerp sit die wetgewende opstelproses wat relevant is tot die Negentiende Wysigingswet uiteen, en bevestig dat die doel daarvan was om finansiële selfvoorsiening van die Raad te bevorder en te bemiddel vir sekere fooie wat aan die Raad betaalbaar is, die heffing van casino-Operateurfooie, wysigings aan bepalings met betrekking tot beperkte dobbelmasjienoperateurfooie en aangeleenthede wat daarmee verband hou. Die Negentiende Wysigingswet is egter nooit in werking gestel nie. Die Herroepingswetsontwerp dui aan dat, as gevolg van die verreikende gevolge van die COVID-19-pandemie op die dobbelbedryf, die Provinsiale Tesourie besig is om 'n omvattende hersiening van die dobbel- en wedrenomgewing in die Wes-Kaap te onderneem. 'n Beleidsorsigproses is ook aan die gang. Bevordering en bemiddeling van die finansiële selfvoorsiening van die Raad bly 'n belangrike doelwit van die Wes-Kaapse Regering. Die WKRDW maak op die WKPT staat om wysiging van wetgewing voor te stel om vir veranderinge in sy inkomstestroom voorsiening te maak.

Die Twintigste en Een-en-twintigste Wysigingswetsontwerpe, 2022 is op 10 Junie 2022 vir openbare kommentaar gepubliseer. Dit maak voorsiening vir die verskuiwing van 'n casino na die Metropool en maak, onder andere, voorsiening dat die fooie en wetlike oorwegings wat daarmee gepaardgaan, deur die Raad in ag geneem moet word. Die wysigings in die Twintigste Wysigingswetsontwerp op Dobbelary en Wedrenne van die Wes-Kaap maak hoofsaaklik vir die hervestiging van 'n casino voorsiening, skakel eksklusiwiteit uit en hanteer belangrike kwessies oor die wysiging van lisensies. Die wysigings in die Een-en-twintigste Konsepwysigingswetsontwerp op Dobbelary en Wedrenne in die Wes-Kaap stel hoofsaaklik 'n ekonomiese geleentheidsbelasting met betrekking tot die hervestiging van 'n casino in. Die wetsontwerpe word nog deur die WKPT oorweeg.

'n Kennisgewing van voorneme om 'n Wetsontwerp op 'n Privaatlid in die Nasionale Vergadering van die Parlement in te dien en 'n Uitnodiging vir Kommentaar op die Konsep Wetsontwerp op Afgeleë Dobbelary, 2022 is op 2 September 2022 in die Staatskoerant gepubliseer. 'n Groot verandering aan die Wetsontwerp vir die Provinsies, is dat die bedoeling is dat provinsies, en nie die Nasionale Raad op Dobbelary nie, in beheer sal wees om lisensies uit te reik en voorgeskrewe fooie binne sy Provinsie in te vorder; en dat die publiek versoek word om voorstelle, kommentaar en aanbevelings in te dien oor die beste manier om afstanddobbelary te reguleer.

Die Wes-Kaapse Dobbel- en Wedrenregulasies, 1996: Konsepwysiging, 2022 is op 10 Junie 2022 vir kommentaar gepubliseer. Dit skryf die regulasies voor van toepassing op wysiging van lisensies, die maksimum aantal casino-Operateurlisensies in die Stad Kaapstad en die radius tussen casino's, inligting vir aansoeke met betrekking tot hervestiging van 'n casino en betaling van 'n maandelikse ekonomiese geleentheidsbelasting.

Die Wes-Kaapse Dobbel- en Wedrenregulasies (Fooie en Kostas, 2016) en Tweede Konsepwysiging (2022) is op 10 Junie 2022 vir kommentaar gepubliseer en maak voorsiening vir enige verhoor, ondersoek of navraag met betrekking tot die verskuiwing van 'n besigheid of aktiwiteit beoog in Afdeling 41B (1) van die Wet.

Die Wes-Kaapse Dobbel- en Wedrenregulasies (fooie en koste 2016): Wysiging, 2023 is bygewerk en op 31 Maart 2023 in die Staatskoerant gepubliseer om inflasionêre verhogings op die statutêre aansoek-, lisensie- en ondersoekfooie in werking te stel. Hierdie fooie word jaarliks vir inflasie aangepas en die aangepaste fooie het op 1 April 2023 in werking getree.

3. VORDERING OM INSTITUSIONELE UITWERKING EN UITKOMSTE TE BEHAAL

Impakverklaring: 'n Optimaal-gereguleerde dobbelbedryf.

Uitkomste:

- Die Raad se strukture, hulpbronne en onderhandelings word toegepas vir effektiewe, doeltreffende en optimale uitvoering van sy mandaat. Hierdie program het sewe (7) uit agt (8) beplande uitsette vir die jaar onder oorsig behaal, waarvan een gedeeltelik behaal is.
- Geskikte persone doen sake in die dobbelbedryf. Alhoewel die program se belangrikste taak is om ondersoek in te stel oor persone (natuurlik en regseldig) se geskiktheid om dobbellisensies te hou, het dit ook begin om 'n elektroniese portaal vir ontvangs en verwerking van lisensie-aansoeke in te stel om die proses te verbeter. Terwyl dit sorg dra dat alle persone wat 'n lisensie benodig om in die dobbelbedryf betrokke te wees, geskik is, gaan die program voort om alle nuwe en hernude lisensies in ooreenstemming met die jaarlikse teikens en dus ook die 5-jaar teikens te verwerk.
- Dobbelen- en wedderyaktiwiteite in die Wes-Kaap voldoen aan wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes. Die program is verantwoordelik om wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes vir dobbelary ten opsigte van alle lisensiehouers wat dobbelen- en wedderyaktiwiteite vir openbare betaling aanbied, af te dwing, asook om bewerings van onwettige dobbelaktiwiteite in die Provinsie betyds te ondersoek. Die program het al sy beplande uitsette wat tot die Raad se strategiese doelwitte oor die 5-jaar tydperk bydra, vir die jaar onder oorsig bereik.
- Verskaf vernuwende, funksionele, betroubare en veilige IKT-oplossings en -stelsels. Die program het die nodige operasionele doeltreffendheid, beter bestuur, bekwaamheid, goeie beheer, betroubare en veilige stelsels vir die WKRDW toegepas om, in ooreenstemming met die beplande impak en uitkomste, die noodsaaklike IKT-prestasies moontlik te maak.

4. INLICHTING: PROGRAMPRESTASIE

4.1 PROGRAM 1: RAAD EN ADMINISTRASIE

Doel van die Program

Om die Minister by te staan en uitvoering te gee aan die wetgewende mandaat wat aan die Wes-Kaapse Raad op Dobbelenary en Wedrenne verleen is.

Uitkomste

Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse wat vir effektiewe, doeltreffende en optimale uitvoering van sy mandaat aangewend is.

Programstruktuur

Die goedgekeurde program bestaan uit sewe Raadslede, die Hoofuitvoerende Beampte, die Regsbestuurder, Senior Regsadviser: Regsdienste, die Hoof Finansiële Beampte, die Senior Finansiële Beampte, die Senior Administrasiebeampte, Menslike Hulpbronbestuurder, Menslike Hulpbronadministrateur, die Raadsekretaris en 10 goedgekeurde ondersteuningspersoneel.

Die programstruktuur is as volg:

- Raad
- Uitvoerende bestuur
- Regsdienste
- Menslike hulpbronne
- Administrasie en Finansies.

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Geen veranderinge is gedurende die 2022/23 finansiële jaar aangebring nie.

Program 1: Raad en Administrasie								
Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie	Geouditeerde Werklike Prestasie	Beplande Jaarlikse Teiken	Werklike Prestasie	Afwyking van beplande teiken na Werklike Prestasie	Redes vir Afwykings
			2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	
Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse aangewend vir effektiewe, doeltreffende en optimale uitvoering van sy mandaat.	Raadsvergaderings waar besluite aangeneem en binne 'n bepaalde tydperk gevolg word.	1.1 Aantal kwoeratiewe vergaderings van Raadslede vir 2022/23 jaar.	19	19	13	18	+5	<ul style="list-style-type: none"> • 22 April 2022 ad-hoc vergadering (Verhoor van Beskermheer-geskil) • 14 Julie 2022 ad-hoc vergadering (Raad se selfevaluering + Ontplooiing om dobbelgeleentheid uit te brei + VD-raamwerk) • 18 Julie 2022 ad hoc vergadering (Raadsessie in kamera). • 16 Sept 2022 ad hoc (Makrostruktuuropsies wat deur die OO-diensverskaffer voorgestel is). • 12 Des 2022 ad-hoc vergadering (Beskermheer-geskilverhore).
	Bestuursvergaderings waar besluite aangeneem en binne 'n bepaalde tydperk gevolg word.	1.2 Raadsbesluite wat deur volgende Raadsvergadering uitgevoer word.	94%	95%	95%	94%	-1%	Die Kantoor was afhanklik van derdeparty-optrede (Senior Advokaat se regsrede) wat nie betyds ontvang is nie.
	Lisensiehouers se KMB-verpligtinge is nagekom.	1.3 Aantal operateurs se KMB-programme wat deur Raadskomitees bevestig is.	5	6	6	6	-	Geen
	Openbare bewustheid van die Raad se rol en funksies.	1.4 Aantal bewusmakingsprogramme waaraan deelgeneem is.	4	6	8	8	-	Geen

Program 1: Raad en Administrasie								
Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie	Geouditeerde Werklike Prestasie	Beplande Jaarlikse Teiken	Werklike Prestasie	Afwyking van beplande teiken na Werklike Prestasie	Redes vir Afwykings
			2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	
Die Raad se strukture, hulpbronne en prosesse aangewend vir effektiewe, doeltreffende en optimale uitvoering van sy mandaat.	Regsmenings opgestel vir leiding aan die Raad en Kantoor oor regs-implikasies van besluite wat geneem is.	1.5 Aantal regsmenings wat voorberei en ingedien is	36	43	36	40	+4	Werklike prestasie het die teiken oorskry aangesien meer regsmenings vereis is as wat verwag was. Hierdie teiken word volgens aanvraag bepaal en as sodanig is die Kantoor nie in staat om behoorlik hiervoor te beplan nie.
	Voldoening aan regulatoriese verslagdoeningsvereistes vir Menslike Hulpbronne.	1.6 Aantal regulatoriese verslae wat betyds by die Departement van Arbeid ingedien is.	1	1	1	1	-	Geen
	'n Bekwame, gemotiveerde en toegewyde arbeidsmag.	1.7 Aantal verslae oor die instelling van die MH-plan.	4	4	4	4	-	Geen
	Effektiewe en doeltreffende finansiële administrasie.	1.8 Aantal finansiële verslae aan belanghebbendes.	33	33	33	33	-	Geen

Ontleding van prestasie

Die doel van die Program is om te verseker dat die voorskrifte en besluite van die Raad uitgevoer word. Die Program het sewe (7) van sy agt (8) gestelde teikens bereik en het derhalwe uitvoering aan die Raad se wetgewende mandaat gegee. Die Raad het in sy geheel sy mandaat suksesvol ingestel.

Met die aanstelling van sy werknemers het die Raad sy goedgekeurde diensbillikheidsteikens bereik. Dit was 'n lang proses om te seker te maak dat die doelwitte bereik sal word. Die Raad se B-BSEB-teikens vir die industrie sluit billikheidskriteria in. Daarbenewens het die Raad opdrag gegee dat die KMB-projekte volhoubaar moet wees en die opheffing van kinders insluit.

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Vir aanwyser 1.2 – Raadsbesluite wat tydens die volgende Raadsvergadering uitgevoer word – daar is geen werklike regstellende maatreëls behalwe deurlopende opvolg nie, aangesien die WKRDW afhanklik is van optredes deur derdepartye. Afhangende van die mening het die afwyking egter nie die mandaat of tydlyne vir die spesifieke aksie beïnvloed nie.

Koppelling van prestasie met begrotings

Program	2022/2023			2021/2022		
	Begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R	R	R	R	R	R
Raad en Administrasie	27 404 810	27 131 737	273 073	27 057 558	22 677 410	4 380 148

Daar is geen beduidende verskil tussen werklike en begrote uitgawes vir die 2023FJ nie.

4.2 PROGRAM 2: LISENSIËRING

Doel van die Program

Die Lisensiëringsafdeling is verantwoordelik daarvoor om 'n doeltreffende lisensie-aansoekproses te koördineer. Die afdeling ontvang behoorlik-voltooidde lisensie-aansoeke en ondersoek dit om te bepaal of dit opreg is. Na aanleiding van sodanige bevindinge word aanbevelings vir goed- of afkeuring aan die Hoofuitvoerende Beampte en/of die Raad vir oorweging voorgelê. Ter nakoming van hul doelwitte streef die Departement daarna om nuutaangestelde werknemers behoorlik en betyds by gelisensieerde ondernemings te lisensieer sodat hulle dienooreenkomstig in staat is om met hul onderskeie pligte te begin. Ten einde te verseker dat bestaande lisensiehouers se aktiwiteite nie onderbreek word nie, word hernuwingsaansoeke vir alle tipe lisensies voor die verstryking van die lisensie verwerk. Geen lisensie is vir 'n tydperk langer as 12 maande geldig nie, en alle lisensies moet jaarliks hernu word.

Uitkomst

Geskikte persone doen sake in die dobbelbedryf.

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Geen veranderinge is gedurende die 2022/2023 finansiële jaar aangebring nie.

Program 2: Lisensiëring								
Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie	Geouditeerde Werklike Prestasie	Beplande Jaarlikse Teiken	Werklike Prestasie	Afwyking van beplande teiken na Werklike Prestasie	Redes vir Afwykings
			2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	
Geskikte persone doen sake in die dobbelbedryf.	Nuwe aansoeke verwerk.	2.1 Persentasie nuwe aansoeke van werknemerlisensies (belangrike en dobbel), gekoppel aan gelisensieerde operateurs ontvang, en binne 30 dae na ontvangs verwerk.	91%	89%	91%	92%*	+1%	• Die Kantoor kon hierdie teiken oorskry weens vereenvoudigde toepassings wat nie versoeke vir bykomende inligting vereis het nie.
	Verwerking van hernuwingsaansoeke wat ontvang is.	2.2 Persentasie van hernuwingsaansoeke ontvang wat op of voor die vervaldatum van die lisensie verwerk is.	99%	99%	99%	99%**	-	Geen

*Werklike prestasie is bereken as: Nuwe aansoeke (belangrik en dobbel) verwerk binne 30 dae na ontvangs, gedeel deur die totale aantal nuwe aansoeke verwerk, vermenigvuldig met 100.

** Werklike prestasie is bereken as: Totale aantal hernuwingsaansoeke verwerk, op of voor die datum van verstryking van die lisensiehernuwingstydperk, gedeel deur die totale aantal hernuwings verwerk, vermenigvuldig met 100.

Ontleding van prestasie

Die Departement gaan voort om die steeds toenemende volumes lisensie-aansoeke wat ontvang word betyds en doeltreffend te administreer. Nuwe en hernuwingsaansoeke wat ontvang word, word betyds verwerk sodat operateurs by goedgekeurde dobbelbedrywigheede betrokke kan raak. Alhoewel lisensies deur die jaar hernu word, ontvang die Departement steeds aansoeke vir nuwe besighede en werknemers wat die dobbelbedryf betree. Hierdie aansoekers word dienooreenkomstig ondersoek en gelisensieer, wat sodoende inkomste by die Fiskus voeg.

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Daar is geen areas van onderprestasie nie.

Koppeling van prestasie met begrotings

Program	2022/2023			2021/2022		
	Begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R	R	R	R	R	R
Lisensiëring	15 383 035	14 356 202	1 026 833	14 506 095	13 959 272	546 823

Lisensiëring se onderbesteding is as gevolg van indiensnemingskoste. Op 31 Maart 2023 het die departement een (1) vakature vir middelbestuur gehad.

4.3 PROGRAM 3: VOLDOENING AAN REGULASIES

Doel van die Program

Regulerende Nakoming is verantwoordelik om wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes op alle lisensiehouers wat dobbel- en wedderyaktiwiteite vir openbare betaling blootstel, af te dwing, asook om bewerings van onwettige dobbelaktiwiteite in die Provinsie dadelik te ondersoek.

Uitkomst

Dobbel- en wedderyaktiwiteite in die Wes-Kaap voldoen aan wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes.

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Geen veranderinge is gedurende die 2022/2023 finansiële jaar aangebring nie.

Program 3 : Regulatoriese nakoming								
Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie	Geouditeerde Werklike Prestasie	Beplande Jaarlikse Teiken	Werklike Prestasie	Afwyking van beplande teiken na Werklike Prestasie	Redes vir Afwykings
			2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	
Dobbel- en wedderyaktiwiteite in die Wes-Kaap voldoen aan wetgewende bepalings en regulatoriese vereistes (Hersien).	Gelisensieerde ondernemings wat dobbel- en wedderyaktiwiteite in ooreenstemming met wetgewing uitvoer.	3.1 Aantal voldoening-beoordelings gedoen.	29	1 368	1 350	1 421	+71	<ul style="list-style-type: none"> Die BUM-evaluering het die teiken om twee redes oorskry: Die Kantoor is nie in staat om 'n akkurate bepaling te doen van die aantal BUM-terreine wat vir 'n spesifieke jaar oop of toe gaan maak nie. Die BUM-evaluering, wat saam met ander instansies as Gesamentlike Bestuur bekend staan, is nie ten tye van die beplanning oorweeg nie, maar sal in die toekoms in ag geneem word.
	Bekende onwettige dobbelbedrywighede word gesluit.	3.2 Persentasie ondersoek na bewerings van onwettige dobbelary wat deur die Raad ontvang is binne 30 dae ingestel.	40%	100%	100%	100%	-	Geen

Program 3 : Regulatoriese nakoming								
Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie	Geouditeerde Werklike Prestasie	Beplande Jaarlikse Teiken	Werklike Prestasie	Afwyking van beplande teiken na Werklike Prestasie	Redes vir Afwykings
			2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	
	Verbeterde regulatoriese vol-doening aan besighedsprosesse is bepaal.	3.3. 'n Navorsingsverslag oor die uitdagings en geleenthede van die outomatiseringsprosesse in die departement van Regulatoriese Nakoming.	Nuwe uitset aanwyser.	Nuwe uitset aanwyser.	1	1	-	Geen

Ontleding van prestasie

'n Paar evaluering-beoordelings van lisensiehouers is op afstand gedoen en ander is deur die Program by hul persele gedoen. 'n Aantal BUM-terreine is oor die afgelope jare óf gesluit óf oopgemaak en die getal kan dus nooit tydens beplanning bepaal word nie. Wanneer dit versoek word bied die Program ook gesamentlike projekte met ander wetstoepassingsagentskappe aan.

Die Program voldoen aan die Raad se vereiste dat alle beplande evaluerings van dobbelary en verwante aktiwiteite nagekom word en op 'n wettige wyse, binne die grense van die regulatoriese raamwerk, daaraan voldoen. Alle bewerings van onwettige dobbelary is binne die 30 dae periode volledig ondersoek. Die aansienlike toename van aktiwiteite in die weddenskapsektor het 'n behoefte aan 'n outomatiese stelsel bepaal. Die eerste deel van hierdie proses is deur die Kantoor van die Raad voltooi wat 'n verslag oor die uitdagings en geleenthede saamgestel het wat relevant is vir so 'n geoutomatiseerde proses.

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Daar is geen areas van onderprestasie nie.

Koppelling van prestasie met begrotings

Program	2022/2023			2021/2022		
	Begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R	R	R	R	R	R
Wetlike nakoming	18 039 341	17 615 636	423 705	18 013 892	17 230 334	783 558

Die onderbesteding in Regulatoriese Nakoming is in verhouding tot indiensnemingskoste. Op 31 Maart 2023 het die Departement een (1) vakature gehad.

4.4 PROGRAM 4: INLICHTING- EN KOMMUNIKASIE-TEGNOLOGIE

Doel van die Program

Hierdie program verskaf en onderhou die IKT-produkte, oplossings en dienste vir die Kantoor van die Raad. Die program het 'n samehangende, ondernemingwye IKT-infrastruktuur daargestel om die Raad se strategiese doelwitte te ondersteun. Die IKT-omgewing het gevorder en ontwikkel om die Vierde Industriële Rewolusie met digitalisering en outomatisering van die Raad se besigheidsprosesse te ondersteun.

Uitkomst

Vernuwend, funksionele, betroubare en veilige IKT-oplossings en -stelsels is voorsien.

Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Geen veranderinge is gedurende die 2022/2023 finansiële jaar aangebring nie.

Program 4: Inligting- en Kommunikasietegnologie								
Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwyser	Geouditeerde Werklike Prestasie	Geouditeerde Werklike Prestasie	Beplande Jaarlikse Teiken	Werklike Prestasie	Afwyking van beplande teiken na Werklike Prestasie	Redes vir Afwykings
			2020/21	2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	
Vernuwend, funksionele, betroubare en veilige IKT-oplossings en -stelsels verskaf.	Deurlopende IKT-stelselbestuur vir die organisasie.	4.1 Persentasie geleenthede deur die IKT om huidige inligtingstegnologie-infrastruktuur in stand te hou en te verbeter.	98.5%	98%	97%	98%	+1%	• Positiewe afwyking as gevolg van betroubare werkverrigting en bestuur van die WKRDW rekenaar-, sagteware-, toepassings- en infrastruktuurstelsels.
	Deurlopende verbetering van kennis en vaardighede.	4.2 Aantal IKT-talentkapasiteitbevoegdheidsaktiwiteite wat bereik is.	99	78	80	94	+14	Die Departement het aan bykomende opleidings-, ontwikkelings- en konsultasieaktiwiteite deelgeneem om die IKT-vaardighede en persoonlike kennis te verbeter.
	Deurlopende beskikbaarheid van die IKT-stelsels.	4.3 Gemiddelde persentasie IKT-inligtingstelsels beskikbaar/aantyd.	99.92%	99.96%	98%	99.9%	+1.9%	Positiewe afwyking as gevolg van betroubare werkverrigting en bestuur van die WKRDW rekenaar-, sagteware-, toepassings- en infrastruktuurstelsels.

Ontleding van prestasie

Die IKT-ondersteuning was nie sonder sy grootste uitdaging, naamlik energie, nie. Alhoewel energievoorsiening bedryfstabiliteit bedreig, het die IKT-afdeling sy uitkomst bereik. Dit is gedoen deur volgehoue en professionele bestuur te verseker, voorsiening van doeltreffende battery-aangedrewe toerusting aan die Kantoor van die Raad, volgehoue bestuur en beveiliging van die WKRDW-infrastruktuur en netwerkverbinding om bestand te wees teen enige mislukkings en/of kuberaanvalle, doeltreffende ononderbroke kragtoevoer, sowel as om belangrike IKT-stelsels by die Raad se Kantoor beskikbaar te maak.

Die prestasie wat deur die IKT-departementele ondersteuning en infrastruktuur gelewer is, het daartoe bygedra dat die Raad sy doelwitte en mandaat kon nakom. Die WKRDW-model vir afstandwerk het op doeltreffende wyse as 'n effektiewe hibriede werksomgewing gefunksioneer en is deur die IKT-bedryfs-, infrastruktuur- en netwerkstabiliteit bewerkstellig.

Die IKT-departement het kennis- en onderwyspraktyke (formeel, informeel, selfstudie) voortgesit om sy professionele vermoëns te verbeter. Deelname en aanlyn-bywoning asook persoonlike ontwikkeling, opleiding en konsultasiegeleenthede, het hiertoe bygedra. Sodoende is toepaslike kennis verkry, belangrike ervaring is by die werk opgedoen en die waarde van die IKT vir die Kantoor van die Raad is bevestig.

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Daar is geen areas van onderprestasie nie.

Koppelling van prestasie met begrotings

Program	2022/2023			2021/2022		
	Begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Begroting	Werklike Uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R	R	R	R	R	R
Inligting- en kommunikasietegnologie.	10 700 010	9 591 582	1 108 428	10 225 338	5 933 845	4 291 493

Die onderspandering in Regulatoriese Nakoming hou verband met die kostes van huidige poste. Teen 31 Maart 2023 was daar een (1) vakature.

Die onderbesteding van Inligting- en Kommunikasietegnologie hou meestal verband met koste verbonde aan die ontwikkeling van sagteware. Die Raad het verdere outomatiseringsprosesse binne die Raad beplan; maar die beplanningsfase hiervan is egter steeds aan die gang.

Verslagdoening oor die institusionele reaksie op die COVID-19-pandemie

Vordering met institusionele reaksie op die COVID-19-pandemie

Daar was geen COVID-19-ingrypings vir die 2022/23 finansiële jaar nie.

5. INVORDERING VAN INKOMSTE

Bronne van inkomste		2022/23			2021/2022		
		Beraming	Werklike bedrag ingesamel	(Oor-)/Onder insameling	Beraming	Werklike bedrag ingesamel	(Oor-)/Onder insameling
		R	R	R	R	R	R
a)	Aansoekfooie	2 406 081	4 663 948	(2 257 867)	1 459 939	3 448 815	(1 988 876)
b)	Ondersoekfooie	34 412 273	35 545 254	(1 132 981)	33 317 053	33 008 197	308 856
c)	Rente	1 008 000	3 464 133	(2 456 133)	1 056 000	1 465 060	(409 060)
d)	Inspekteurskoste	5 332 342	8 909 075	(3 576 733)	4 713 890	7 948 369	(3 234 479)
e)	Beperkte masjienuitbetaling operateurs	3 292 500	3 232 500	60 000	3 000 000	3 000 000	-
f)	Oordragte	25 076 000	25 076 000	-	26 256 000	26 256 000	-
g)	Dienste in natura	-	5 817 204	(5 817 204)	-	4 332 399	(4 332 399)
h)	Diverse	-	197 439	(197 439)	-	237 235	(237 235)
i)	Behoud van surplusfondse	-	-	-	-	-	-
Totaal		71 527 196	86 905 553	(15 378 357)	69 802 883	79 696 075	(9 893 192)

- Die Raad word slegs toegelaat om inkomste en ander gelde van lisensiehouers in te vorder soos deur die wet voorgeskryf. Tensy daar 'n toename in dobbellisensie-aansoeke is, is daar geen ander manier waarop die Raad sy inkomste kan verhoog nie. Wanneer die begroting dus voorberei word, maak die Raad staat op vorige tendense om die inkomste te beraam wat hy verwag om vir die finansiële jaar in te samel.
- Dienste in natura is die voordeel om 'n gebou wat deur die Departement van Infrastruktuur bestuur word, vir gratis akkommodasie te gebruik.

DEEL C:
BESTUUR



1. INLEIDING

Die Raad se bestuursraamwerk word deur die Wes-Kaapse Wet op Dobbely en Wedrenne sowel as die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) gelei wat, in samewerking met die Protokol oor Korporatiewe Bestuur wat in die King IV-verslae oor Korporatiewe Bestuur gevind word, toegepas word.

2. PORTEFEULJEKOMITEES

Die Staande Komitee vir Finansies, Ekonomiese Geleentehede en Toerisme is verantwoordelik om toesig oor die Wes-Kaapse Raad op Dobbely en Wedrenne te handhaaf.

Die Raad het vir die jaar onder oorsig, met die Komitee oor die volgende sake vergader:

- 1 November 2022: Inligting oor die Raad se 2021/22-jaarverslag;

Besluite op daardie vergaderings geneem word op bladsy 46 van hierdie jaarverslag weergegee.

3. UITVOERENDE GESAG

Die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleentehede is die aangewese Uitvoerende Gesag vir die Wes-Kaapse Raad op Dobbely en Wedrenne. Die Uitvoerende Raad stel die lede van die Raad aan en die Raad doen verslag aan die Minister. Alle verslae in opdrag aan die Raad word aan die Minister voorgelê. Daarbenewens is die Raad aan die Beleidsbepalings van die Uitvoerende Gesag gebonde.

4. REKENINGKUNDIGE GESAG – DIE RAAD

INLEIDING

Die Raad, wat bestaan uit sewe nie-uitvoerende lede wat deur die Uitvoerende Gesag aangestel is, is die aangewese Rekenpligtige Gesag. Die Raad het verskeie subkomitees uit sy lede saamgestel om toesig te hou oor spesifieke operasionele aktiwiteite van sy Kantoor. Daarbenewens stel die Raad drie eksterne lede aan om op sy Ouditkomitee te dien.

DIE ROL VAN DIE RAAD

Die Wes-Kaap en Wedrenraad is gestig met die hoofdoel om dobbelary en wedrenne en alle ander gepaardgaande aktiwiteite in die Wes-Kaap te beheer en te reguleer.

Die funksies en bevoegdhede word in Artikel 12 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbely en Wedrenne uiteengesit. Kortom, die rol van die Raad is om:

- Deurlopende nakoming in die gelisensieerde bedryf te verseker en administratiewe boetes op te lê of sodanige maatreëls wat die Raad toepaslik ag vir oortredings van die wet;
- Aansoeke om lisensies ingevolge die Wet aan te vra;
- Aansoeke om nasionale en provinsiale lisensies te ontvang, ondersoek en te oorweeg;
- Nasionale en provinsiale lisensies aan kwalifiserende of geskikte persone uit te reik, onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad toepaslik ag;
- Die geskiktheid van persone te ondersoek wat 'n belang verkry in 'n lisensiehouer of die besigheid waarop 'n lisensie betrekking het;
- Verhore te hou en ondersoeke te doen na die uitvoering van lisensies of met betrekking tot enige aangeleentheid wat die Raad ingevolge die Wet moet administreer;
- Onwettige dobbelaryaktiwiteite op te spoor en relevante regeringsinstansies te help om dit te vervolg;
- Belasting en heffings in te vorder, administreer, en te bereken wat aan die provinsiale Fiskus verskuldig is en alle statutêre gelde soos voorgeskryf deur die Wet;
- Deurlopende navorsing oor dobbelary en wedrenne regdeur die provinsie en elders te doen om op hoogte te bly en gebreke in die Wet en regulatoriese praktyke van die Raad op te spoor;
- Regulerende forums en konferensies by te woon om op hoogte te bly van die jongste ontwikkelings van die bedryf; en
- Oor die algemeen alle bevoegdhede uit te oefen en die funksies uit te voer wat in die Wet voorgeskryf word en enige wat aan 'n ander wet verleen word.

RAAD SE HANDVES

Die Raad se bevoegdhede en funksies word in die Wet voorgeskryf. Die Raad het 'n Handves vir elk van die subkomitees aangeneem wat hul mandate uiteensit. Die Raad hersien jaarliks sy korporatiewe bestuur.

Raadslidinligting soos op 31 Maart 2023

Naam	Aanwysing (ingevolge die Openbare Entiteit se Raadstruktuur)	Datum aangewys	Datum bedank/Termyn het verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Aantal Raadsvergaderings gehou	Aantal Raadsvergaderings bygewoon	Ander komitees (bv: Ouditkomitee)	Aantal Komiteevergaderings gehou	Aantal Komiteevergaderings bygewoon	Totale vergaderings bygewoon
Mnr T Arendse	Raadslid	1 April 2020	31 Maart 2023	• STR • GR(SA)	• Oudit- en Rekeningkunde	• Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne	18	18	Casinokomitee (*Bywoning as plaasvervangende lid)	[4]	1 van 1	43 van 44
	Bestuurslidtermyn verleng vir 1 jaar	1 April 2023	31 Maart 2024						Finansies en IT-komitee Perdewedrenne en Weddery Komitee Mensekapitaal-komitee Lisensieringskomitee (*Bywoning as plaasvervangende lid) Verantwoordelik Dobbelaykomitee Raad se verteenwoordiger (nie stemgeregtig nie) by die Ouditkomitee	6 4 4 [5] 4 [7]	6 4 4 2 van 2 4 4 van 5	
Mnr CA Bassuday	Raadslid	1 April 2016	31 Maart 2019	• B.Prok. • LLB • LLM • PG Diploma in Strafrege Forense Ouditkunde	• Wet	• Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne • Direkteur: Regsdienste, Universiteit van Kaapstad • Nie-uitvoerende direkteur: Johannesburg Stad Parke en Dieretuin	18	18	Casinokomitee	4	4	37 van 37
	Bestuurslidtermyn vir 1 jaar verleng	1 April 2019	31 Maart 2020						Finansies en IT-komitee	6	6	
	Raadslid vir 3 jaar heraan gestel	1 April 2020	31 Maart 2023						Perdewedrenne en Dobbelay Komitee	4	4	
	Aanstelling as Voorsitter totdat Raadslidkontrak verstryk	16 Desember 2021	31 Maart 2023						BUM-komitee (*Bywoning as plaasvervangende lid)	[4]	1 van 1	
Raadsvoorsitter en lid. Termyn vir 1 jaar verleng	1 April 2023	31 Maart 2024						Verantwoordelik Dobbelaykomitee	4	4		

Naam	Aanwysing (ingevolge die Openbare Entiteit se Raadstruktuur)	Datum aangewys	Datum bedank/ Termyn het verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Aantal Raads-vergaderings gehou	Aantal Raads-vergaderings by-gewoon	Ander komitees (bv: Ouditkomitee)	Aantal Komitee-vergaderings by-gewoon	Totale vergaderings by-gewoon			
Me C Fani	Raadslid	17 Mei 2017	16 Mei 2020	<ul style="list-style-type: none"> Baccalaureus Openbare Administrasie B. Admin Honneurs Openbare Bestuur 	<ul style="list-style-type: none"> Beleids-analise en Beleids-ontwikkeling 	<ul style="list-style-type: none"> Raadslid/ Ondervoorsitter: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne Raadslid/ Ondervoorsitter: William Humphrey's Kunstgalerie Raadslid: uMsunduzi Museum KZN Tribunaallid: Wes-Kaapse Drankowerheid 	18	17	Casinokomitee	3 van 4	31 van 35			
	Bestuurslid. Termyn vir 1 jaar verleng	17 Mei 2020	16 Mei 2021				<ul style="list-style-type: none"> Beleids-analise en Beleids-ontwikkeling 	<ul style="list-style-type: none"> Raadslid/ Ondervoorsitter: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne 	4	3 van 4	Mensekapitaal-komitee	3 van 4		
	Aanstelling as ondervoorsitter totdat die kontrak as raadslid verstryk	14 Des 2020	16 Mei 2021						<ul style="list-style-type: none"> Raadslid/ Ondervoorsitter: William Humphrey's Kunstgalerie 	5	5	Lisensieringskomitee	5	
	Raad Onder-voorsitter van Raad lid se termyn verleng	27 Mei 2021	26 Mei 2024						<ul style="list-style-type: none"> Raadslid: uMsunduzi Museum KZN Tribunaallid: Wes-Kaapse Drankowerheid 	4	3 van 4	BUM-komitee	3 van 4	
Mnr RG Nicholls	Raadslid	14 Des 2019	13 Des 2022	<ul style="list-style-type: none"> B.Comm. Rhodes Universiteit GR (SA) IGR Rekenaaroudit-kwalifikasie – NACCA Geregistreerde Rekenmeester en Ouditeur Mede-lid van die IOD 	<ul style="list-style-type: none"> Finansies Bestuur Voldoening 	<ul style="list-style-type: none"> Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Argitektoniese Beroep Lid: TakeShape Properties BK Lid: Southern Ambition CC 	18	18	Finansies en IT-komitee	6	38 van 40			
	Heraanstelling as raadslid vir 4 jaar	5 Des 2022	4 Des 2026						<ul style="list-style-type: none"> Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Argitektoniese Beroep Lid: TakeShape Properties BK Lid: Southern Ambition CC 	4	4	Perdewedrenne en Dobbelay Komitee	4	
							[4]	2 van 2	Mensekapitaal-komitee (*Bywoning as plaas-ervangende lid)					
							5	3 van 5	Lisensieringskomitee					
							4	4	BUM-komitee					
							[7]	1 van 1	Raad se verteenwoordiger (nie stemgeregtigde) by die Ouditkomitee. (*Bywoning as plaas-ervangende lid vir Mnr. Arendse)					

Naam	Aanwysing (ingevoelge die Openbare Entiteit se Raadstruktuur)	Datum aangewys	Datum bedank/ Termyn het verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Aantal Raads-vergaderings gehou	Aantal Raads-vergaderings by-gewoon	Ander komitees (by: ouditkomitee)	Aantal Komitee-vergaderings gehou	Aantal Komitee-vergaderings by-gewoon	Totale vergaderings by-gewoon
Me L Venter	Raadslid	6 Nov 2020	5 Nov 2023	• B. Comm (Regte) • LL.B.	• Regte	• Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne • Eksterne Kollegeraadslid: Valsbaai TVET Kollege	18	18	Casinokomitee Mensekapitaal Komitee Lisensiëringskomitee BUM-komitee Verantwoordelik Dobbelkomitee	4 4 5 4 4	4 3 van 4 5 4 4	38 van 39
	Raadslid	27 Okt 2021	26 Okt 2024	• B Komm, • HOD • Honneurs Ekonomie • M Komm • Doktorsgraad Ekonomie en Beplanning	• Ekonomiese Ontwikkeling • Strategie • Stads-beplanning • Projek-bestuur • Beleggings-bevordering	• Raadslid: Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne	[18]	4 van 7				4 van 7
Dr P Voges	Bedanking		18 Augustus 2022									

(Getal tussen hakies) * Dui totale vergaderings aan wat gehou is, maar nie verpligtend is om by te woon nie, as gevolg van 'n lid se termyn wat gedurende die finansiële jaar begin of eindig.

Eksterne Ouditkomiteelede

Naam	Aanwysing (ingevolge die Openbare Entiteitsraad-struktuur)	Datum aangewys	Datum bedank/ Termyn verstryk	Kwalifikasies	Gebied van kundigheid	Raad Direkteurskappe (Lys die entiteite)	Ander komitees (bv: ouditkomitee)	No. van Ver- gader- ings by- gewoon	No. van Ver- gader- ings gehou
Mnr Burton	Ouditkomitee: Onafhanklike nie-uitvoerende lid en Voorsitter Heraanstelling as onafhanklike nie-uitvoerende beampte en Voorsitter	1 Maart 2019 1 Maart 2022	28 Feb 2022 31 Maart 2023	<ul style="list-style-type: none"> B. Compt. Hons GR (SA) 	<ul style="list-style-type: none"> Ouditkunde en Rekeningkunde Bestuur Strategiese bestuur Finansies Prestasiebestuur 	<ul style="list-style-type: none"> Kaapse Natuurraad Cullinan Holdings Bpk Burvyn Invoerders en Handelaars BK Rebosis Eiendomsfonds Bpk L&C Messaris (Edms.) Bpk 	Oudit komitee	7	6
Mnr L Nene	Ouditkomitee: Onafhanklike nie-uitvoerende lid	17 Feb 2021	16 Feb 2024	<ul style="list-style-type: none"> Baccalaureus in Handel – BCom (Rekeningkunde) Nagraadse Diploma in Bestuur (Spesialisering in Korporatiewe Bestuur) Meester van Internasionale Besigheid SBSA (Sertifisering in Beheer Selfassessering) – 2006 GIA (SA) (Algemene Interne Ouditeur-SA) GIOSA (Genoot van die Instituut van Interne Ouditore SA) – 2013 Sertifisering in isikobestuurversekering (SRB) -2014 GNCCP (SA) – Professionele Gesertifiseerde Nakomingslid van die Nakomingsinstituut van Suid-Afrika CPrac (SA)- Nakomingspraktisyn Risikobestuurstrategie in die Openbare Sektor Bestuursontwikkelingsprogram 	<ul style="list-style-type: none"> Korporatiewe bestuur Oudit (intern en ekstern) Risikobestuur Besigheids-kontinuiteit Bestuur Nakoming Etiek Verbetering van besigheidsproses DIT 	<ul style="list-style-type: none"> BpkNie-uitvoerende Direkteur vir PetroSA Ghana SOC Bpk Nie-uitvoerende Direkteur vir PetroSA Ekwatoriaal-Guinee SOC Bpk Stad Kaapstad se Ouditkomitee ETDP Seta Ouditkomitee Coega Ontwikkelingskorporasie (EDMS) BPK, Ouditkomitee KVBA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie) Ouditkomitee 	Oudit komitee	7	7
Mnr A Seymour	Eksterne Ouditkomiteelede	1 Maart 2022	28 Feb 2025	<ul style="list-style-type: none"> B.Comm (Rekeningkunde) Hons B Compt Geotrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika) Bankraad Leierskapontwikkelingsprogram 	<ul style="list-style-type: none"> Bestuur: Strategiese Beplanning en Bestuur Finansiële verslagdoening en Tesourie Besigheids-oplossings Bestuur: Kliëntbehoud 	<ul style="list-style-type: none"> Direkteur: Boland 90 Interklub Stapkompetisie NPC Direkteur: InnesFree Capital (Edms.) Bpk Direkteur: Caban Capital Partners P\ 	Oudit komitee	7	7

Lidmaatskap van die Raad en Komitee soos op 31 Maart 2023

Komitee	Aantal vergaderings gehou	Aantal lede	Naam van lede
Raad	18	5	Mnr CA Bassuday (Voorsitter) Me C Fani (Ondervoorsitter) Mnr T Arendse (Lid) Mnr RG Nicholls (Lid) Me L Venter (Lid) Dr P Voges (Lid) (Bedanking effektief vanaf 18 Augustus 2022.)
Ouditkomitee	7	3	Mnr M Burton (Voorsitter) Mnr L Nene (Eksterne Nie-uitvoerende lid) Mnr AC Seymour (Eksterne Nie-uitvoerende lid) Mnr T Arendse (Raadslid) (Raad se verteenwoordiger (sonder stemreg) op die Ouditkomitee)
Casinokomitee	4	3	Mnr C Bassuday (Voorsitter) Me C Fani (Lid) Me L Venter (Lid)
Finansies en IT-komitee	6	3	Mnr RG Nicholls (Voorsitter) Mnr T Arendse (Lid) Mnr C Bassuday (Lid)
Komitee vir Perdewedrenne en Dobbelary	4	3	Mnr T Arendse (Voorsitter) Mnr RG Nicholls (Lid) Mnr C Bassuday (Lid)
MensekapitaalKomitee	4	3	Me C Fani (Voorsitter) Mnr T Arendse (Lid) Me L Venter (Lid)
Lisensiëringskomitee	5	3	Me L Venter (Voorsitter) Me C Fani (Lid) Mnr RG Nicholls (Lid)
BUM-komitee	4	3	Me L Venter (Voorsitter) Me C Fani (Lid) Mnr RG Nicholls (Lid)
Komitee vir Verantwoordelike Dobbelary (VDK)	4	3	Mnr T Arendse (Voorsitter) Mnr C Bassuday (Lid) Me L Venter (Lid)

REËLINGS VIR VERGOEDING VAN RAADSLEDE**Raadsvergaderings:**

'n Gewone of spesiale vergadering waar die Raad beraadslaag en besluit oor sake wat binne sy statutêre bevoegdheids- en funksies val.

Die vergoeding vir Raadsvergaderings is 'n vaste bedrag van **R4 999.36**, ongeag die duur van die vergadering en sluit alles voorbereiding en reistyd in. Raadslede word vergoed vir besigheidskilometers afgelê.

Die vergoeding betaalbaar vir bywoning van Raadsvergaderings deur die Voorsitter, Ondervoorsitter en Waarnemende Voorsitter word hieronder uiteengesit:

Voorsitter:

Raadsvergaderings: **R6 433.92** per vergadering.

Raadkomitees en ander geleenthede: **R804,24** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Ondervoorsitter :

Raadsvergaderings: **R4 999,36** per vergadering.

Raadkomitees en ander geleentehede: **R624.92** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Waarnemende voorsitter :

Raadsvergaderings: **R5 601,52** per vergadering.

Raadkomitees en ander geleentehede: **R700.19** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Raadkomitees en ander geleentehede:

- Die vergoeding vir ander vergaderings en geleentehede, soos Komiteevergaderings en openbare verhore, is 'n uurlikse tarief. Benewens die tyd wat die vergadering bygewoon is, sluit dit ook reistyd in, voorbereidingstyd en vergoeding vir kilometers afgelê.
- Die uurlikse bedrag is **R624,92**.
- Hierdie vergoeding is betaalbaar tot die ekwivalent van 'n maksimum van 8 ure, plus kilometers afgelê.
- Daar word van lede verwag om aan die begin van elke vergadering hul voorbereidingstyd vir 'n spesifieke vergadering aan die Sekretaris van die Raad aan te dui.
- In gevalle waar die roetes verskil het van die gewone roete na die kantoor van die Raad, word die kilometers afgelê ook individueel aan die Raadsekretaris aangedui.

Raadslid vergoeding

Naam	Vergoeding - Raads- vergaderings-	Vergoeding - Komitee- vergaderings en ander*	Vergoeding - Konferensie- bywoning	Verblyftoelae	Ander terugbetalings	Totale ledevergoeding
	R	R	R	R	R	R
Mnr TC Arendse	89 988.48	108 788.17	4 374.44	-	1 982.68	205 133.77
Mnr CA Bassuday (Voorsitter van die Raad)	115 810.56	124 654.52	57 905.28	21 625.63	4 629.84	324 625.83
Ms C Fani (Ondervoor- sitter van die Raad)	84 989.12	66 866.45	54 992.96	15 377.84	3 368.27	225 594.64
Mnr RG Nicholls	94 987.84	102 903.50	4 999.36	-	1 693.23	204 583.93
Me L Venter	89 988.48	87 176.35	64 991.68	30 160.44	6 149.77	278 466.72
Totaal	475 764.48	490 388.99	187 263.72	67 163.91	17 823.79	1 238 404.89

* Sluit, byvoorbeeld, ad hoc-vergaderings buite Raads- en Komiteevergaderings in – vergaderings met Provinsiale Tesourie en die Provinsiale Minister van Finansies en Ekonomiese Geleentehede, asook tyd wat aan ander Raadsake bestee word.

STAANDE KOMITEE-BESLUIT VIR DIE 2021/22 JAARVERSLAG

Daar was geen besluite geneem deur die Openbare Rekeningkomitee (ORK) by die vergadering wat op 1 November 2022 gehou is nie.

STAANDE KOMITEE VIR FINANSIES, EKONOMIESE GELEENTHEDE EN TOERISME-RESOLUSIES VIR DIE 2021/22 JAARVERSLAG

Die Staande Komitee het geen besluite geneem tydens die vergadering wat op 1 November 2022 gehou is nie.

5. RISIKOBESTUUR

Die Raad is daartoe verbind om 'n instelling te vestig wat verseker dat risikobestuur 'n integrale deel van al sy aktiwiteite is en ook 'n kernvaardigheid is. Ondernemingsrisikobestuur (ORM) het ten doel om die voortgesette groei en sukses van die Raad te verseker. Die ORB-funksie help op alle vlakke van administrasie om die Raad se strategiese uitkomst te bereik deur 'n sistematiese benadering van evaluering en verbetering van doeltreffende risikobestuur en -beheer.

Die ORB is ontwerp om moontlike gebeure en tendense (gedefinieer as risiko's) te bepaal wat die Raad se vermoë om sy strategiese uitkomst te bereik of sy bedrywighede (positief of negatief) te handhaaf aansienlik beïnvloed. Om redelike versekering te gee dat die Raad sy doelwitte kan bereik word geïdentifiseerde risiko's teenoor die Raad se risikotoleransievlak deur die ORB-proses beoordeel.

Die Raad se risikobestuursdoelwitte sluit in:

- Om risikobestuur deel te maak van die kultuur en strategiese besluitneming van die WKRDW;
- Om voorsiening te maak vir veranderende maatskaplike, omgewings- en wetgewende toestande en daarop te reageer;
- Risikobestuur in ooreenstemming met beste praktyk, en die bewys van omsigtigheid in besluitneming;
- Om wetlike nakoming as 'n minimum standaard te beskou;
- Om die koste van risikobestuur teenoor verwagte voordele te balanseer; en
- Om bewusmaking aan 'n behoefte vir risikobestuur te skep.

Dit is die Raad se verantwoordelikheid en die Uitvoerende Komitee om toesig oor risikobestuur binne die Raad te hou. Die Uitvoerende Komitee verskaf bestuursondersteuning en advies asook die instelling daarvan wat deur die Raad goedgekeur is. As deel van die Raad se jaarlikse strategiese sessie hersien hy, saam met die Uitvoerende Komitee, jaarliks sy strategiese risiko's, jaarlikse prestasieplan en doelwitte. Hierdie risiko's word dan op 'n kwartaallike basis hersien vir suksesvolle instelling van versagtinge beheermaatreëls en om te verseker dat alle risiko's wat bepaal is, binne aanvaarbare toleransievlakke bestuur word.

Die Risikobestuursbeampte wat deur die Raad aangestel is, is die senior administratiewe beampte in die Hoof Finansiële Beampte se kantoor en is verantwoordelik vir die administrasie van die risikoregister en kwartaallike risikoverslae. Die Risikobestuurskomitee bestaan uit die volle Uitvoerende Komitee en vergader kwartaalliks om Bestuur se belangrikste strategiese risiko's en enige ontluikende risiko's wat bepaal is, asook die status van versagtinge aksieplanne, ter tafel te lê. Verslag oor belangrike strategiese risiko's, versagtinge aksies, sowel as ontluikende risiko's wat geïdentifiseer is, word kwartaalliks aan die Ouditkomitee en die FIT-komitee gedoen. Alle FIT- en Ouditkomiteevergaderings word deur die Hoofuitvoerende Beampte, die Hoof Finansiële Beampte en die Risikobeampte bygewoon wat tydens elke vergadering formele verslag aan die komitee doen.

Die Raad se subkomitee en die FIT-komitee hersien die risiko's en risikoregister en gee spesifiek aandag aan ontluikende risiko's. Die Ouditkomitee dien as die Risikokomitee met, onder meer, toesig oor die Raad se risiko's. Die Risikokomitee word deur die uitgekontrakteerde Interne Ouditfunksionaris bygestaan wat aan die Raad verslag doen.

Gedurende die finansiële periode onder oorsig het die Kantoor van die Raad die volgende gedoen:

- Die ORB-rikobeleid en risikovolwassenheid hersien.
- Kwartaallike hersiening van die Risikoregister deur die UBK.
- Kwartaallike verslagdoening aan die Oudit- en FIT-komitee.

Hieronder is die belangrikste strategiese risiko's wat die Raad in die gesig staar, en die relevante versagtende beheermaatreëls wat ingestel is:

Strategiese risiko's	Versagtende kontroles
SR1: Entiteit kan nie sy mandaat uitvoer nie	<ol style="list-style-type: none"> 1. Befondsing ingevolge die WOFB 2. Voldoende begrotingsproses (hulpbronbeplanning) 3. Die Voorsitter gaan voort om die Minister te betrek oor die Raad se mandaat en sy onafhanklike gesag soos voorgestaan in die WCGRA, en die skeiding van magte wat nagekom word 4. Vra regsadvies aan 5. Status van raadslede se aanstellings by die Skakelkomitee vir Dobbelary (SKD) bespreek 6. Raad herskeduleer vergaderings en in noodgevalle, stel rondomtalie-prosesse in om te verseker dat die Raad doeltreffend bly 7. Volledige stel Raadslede waarvan lede tot 31 Maart 2024 aangestel is
SR2: Entiteit is ondoeltreffend en onbevoeg	<ol style="list-style-type: none"> 1. Voorlegging aan die PT en Minister wat wysigings van die Wet aanbeveel soos en wanneer nodig 2. Skakeling met lisensiehouers om die interpretasie van wetgewing te verduidelik 3. Regsadvies/menings wanneer nodig 4. Status van aanstellings van raadslede word by Skakelkomitee vir Dobbelary (SKD) bespreek. 5. Befondsing ingevolge die WOFB 6. Voldoende begrotingsproses (hulpbronbeplanning) 7. Hersieningsproses op vier vlakke 8. Instelling van die werkplekplan 9. Ondervraging en hersiening van inligting deur verskeie subkomitees van die Raad 10. Vergaderings en onderhoude met belanghebbendes waar nodig 11. WVP, opleiding, konferensies, nasionale forums 12. Een-tot-een vergadering tussen Minister en die WKRDW-voorsitter 13. Hersien die Wet voortdurend vir toepaslikheid en om leemtes/tekortkominge te bepaal
SR3: Vruchtlose en ondoeltreffende benutting van die entiteit en hulpbronne	<ol style="list-style-type: none"> 1. WVP, opleiding, konferensies, nasionale forums 2. Behoorlike beplanning en begrotingsprosesse 3. Gereelde personeelbetrokkenheid 4. Tydelike werknemers in diens geneem om bystand te verleen 5. Struktureer werklading om oormatige werkstye te verlig
SR4: Verlies aan vertroue deur belanghebbendes	<ol style="list-style-type: none"> 1. Deurlopende relevante interaksie met belanghebbendes 2. Bewusmakingsprogramme en openbare betrokkenheid 3. Versoek senior advokate se menings
SR5: Ontwrigting van belangrike sakebedrywighede	<ol style="list-style-type: none"> 1. Bstuursplan vir kontinuïteit van besigheid om kritieke dienste na 'n ramp of ongunstige gebeurtenis te volhou 2. Deurlopende hersiening van Kontinuïteitsplan vir alle WKRDW-sakebedrywighede na ontwrigtings. 3. Instelling van beleidsriglyne oor ramptoestande, waar van toepassing
SR6: Nie-nakoming van wetgewende voorskrifte	<ol style="list-style-type: none"> 1. Gereelde hersiening van beleide en prosedures 2. Regsafdeling teken op regspublikasies in. 3. Provinsiale Tesourie stuur praktyknotas en omsendbriewe uit 4. Hersiening en goedkeuring van alle relevante beleide en praktyke 5. Hersiening, raadpleging en goedkeuring met belanghebbendes oor veranderinge en ontwikkeling van nuwe beleide 6. Inlywing van nuwe personeel en raadslede 7. Kommunikasie van beleidsveranderinge 8. Publiseer beleide op intranet
SR7: Kan nie kantoor-akkommodasie bekom nie	<ol style="list-style-type: none"> 1. Goedgekeurde plan (Raad) vir die verkryging van akkommodasie 2. Fondse beskikbaar 3. Opsie om huidige huurkontrak met die Departement van Openbare Werke te verleng

Strategiese risiko's	Versagende kontroles
SR8: Ongeskikte persone word aanbeveel vir lisensiëring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Verklaring van belange-proses 2. Werkvaardigheidsplan bepaal opleidingsbehoefte vir personeel 3. Gebruik van interne en eksterne bevestigingsbronne 4. Standaard bedryfsprosedures 5. Hersieningsproses op verskeie vlakke
SR9: Onvermoë om nie-nakoming van wetgewende bepalinge en regulatoriese vereistes op te spoor	<ol style="list-style-type: none"> 1. Bywoning van konferensies spesifiek gerig op die bedryf, werkwinkels en opleidingsforums – beide nasionaal en internasionaal 2. Belangeverklarings van personeel 3. Voldoening aan die Departementele SBP en die MH-beleide 4. Gereelde vergaderings met hoofde na oudits 5. Hersieningsproses op verskeie vlakke
SR10: Onvermoë om onwettige dobbelbedrywighede op te spoor	<ol style="list-style-type: none"> 1. Gereelde skakeling met toepassingsinstansies 2. Bywoning van vergaderings van die Handhawingsforum 3. Opleiding verskaf aan Handhawingbeamptes waar nodig 4. Netwerk van verskaffers van vertroulike inligting 5. Jaarlikse Handhawingwerkwinkel 6. Opvolg van bewerings van onwettige dobbelary 7. Openbare bewusmakingsprogramme
SR11: IKT-stelsels en -oplossings is nie funksioneel, betroubaar, vernuwend en veilig nie.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Behoorlike beplanning, begroting, kapasiteit (aantal personeel) en vaardige hulpbronne 2. Sekuriteitskontroles ingestel 3. Beleide en prosedures ingestel 4. Deurlopende monitering, administrasie en bestuur van die IKT-omgewing 5. Instelling van die IKT RHP, kragopwekker en ononderbroke kragtoevoer-kapasiteit 6. Deurlopende opleiding, bywoning van seminare, en vergaderings om talent te ontwikkel 7. Bly op hoogte van die jongste ontwikkelings in die IKT 8. Verslagdoening aan oorsigkomitees oor die IKT-ontwikkelings 9. Interne en eksterne audit (Kuberveiligheidsorsig)

6. INTERNE BEHEERENHEID

Die Raad het nie 'n inhuise interne ouditeenheid nie, maar kontrakkeer hierdie funksie uit aan firmas wat professionele lede van die Instituut van Interne Ouditeure of Die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure is en toepaslike ondervinding het. Die vorige interne ouditeure, SizweNtsalubaGobodo Grant Thornton, se kontrak het op 31 Julie 2022 geëindig. Die Raad het, met ingang van 1 Augustus 2022, MNB Geoktrooieerde Rekenmeesters as sy interne ouditeure aangestel.

7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEE

Die Raad se risikobestuurtoesig is aan die Oudit- en Risikokomitee gedelegeer met die doel om die Raad by te staan om sy pligte volgens die WOFB na te kom.

Die Oudit- en Risikokomitee hou in hierdie verband toesig oor die volgende:

- Beleide word toegepas om risiko's te bepaal, te versag en te beheer;
- 'n Stelsel word gevolg om beide risiko's en interne beheerstelsels te hersien;
- 'n Stelsel om ontluikende risiko's te bepaal en bestaande beheermaatreëls te evalueer;
- 'n Effektiewe en interne beheerstelsel; en
- Alle risiko's wat nie verseker is nie word toepaslik hersien en bestuur.

Die uitgekontraakteerde Interne Oudit Funkisionaris doen administratiewe verslag aan die HUB en funksionele verslag aan die Oudit- en Risikokomitee.

Internasionale Standaard vir die Professionele Praktyk van Interne Ouditkunde (IIA) 1312 vereis dat 'n eksterne evaluering minstens een keer elke vyf jaar deur 'n gekwalifiseerde, onafhanklike assessor of beoordelingspan onafhanklik van die organisasie gedoen moet word. Gedurende die 31 Maart 2022 finansiële jaar is die Raad se interne ouditfunksie in ooreenstemming met Standaard 1312 beoordeel. Die aanbevelings wat hieruit voortspruit, is in die proses om ingestel te word.

Die ouditkomiteelede se vergaderingbywoning word hieronder aangebied:

Naam van lid	Aantal vergaderings bygewoon
1. Mnr M Burton (Ouditkomiteevoorsitter) (Aangestel vanaf 1 Maart 2019 tot 28 Februarie 2022. Heraanstelling op 1 Maart 2022 en sedertdien op 31 Maart 2023 bedank)	6 van 7
2. Mnr L Nene (Aangestel vanaf 17 Februarie 2021 tot 16 Februarie 2024)	7 van 7
3. Mnr A Seymour (Aangestel vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2025)	7 van 7

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, pos in die Raad	Datum aangewys	Datum bedank	Aantal vergaderings bygewoon
M Burton	B. Compt. Hons GR (SA)	Ekstern	Nie van toepassing nie	Heraanstellingsdatum: 1 Maart 2022	31 Maart 2023	6
L Nene	Baccalaureus in Handel – B Com (Rekeningkunde)	Ekstern	Nie van toepassing nie	17 Februarie 2018	Nie van toepassing nie	7
A Seymour	B. Compt. Hons CA(SA)	Ekstern	Nie van toepassing nie	1 Maart 2022	Nie van toepassing nie	7

8. NAKOMING VAN WETTE EN REGULASIES

Die Raad pas beleide en prosesse toe om te verseker dat alle relevante wette en regulasies nagekom word. Die Raad het bepaal aan watter wette en regulasies hy verplig is om te voldoen en het 'n raamwerk ingestel om te verseker dat al sy personeel al hierdie wette en regulasies nakom.

Die Raad se Regsdienste-afdeling is ingeskryf by verskeie aanlyn Regsdienste-instellings, wat kennisgewings van nuwe of gewysigde wetgewing verskaf en 'n platform bied wat vonnisse in verskeie hofsake aandui. Die Regsafdeling bepaal hierdeur veranderings en stel werknemers daarvan in kennis asook enige ontleding daarvan. Die Raad is nie vir enige oortredings van enige wette of regulasies vir die 2022/23 finansiële jaar beboet nie.

9. BEDROG EN KORRUPSIE

Die Raad het 'n Bedrog- en Anti-korrupsiebeleid ingestel wat, soos vereis, hersien word. Die prosedures sluit 'n nasionale hulplyn en 'n anonieme aanmeldboks in. Die Raad se Bedrog- en Anti-Korrupsiekomitee is ingestel om enige aangemelde voorvalle van bedrog na te gaan en die Kantoor van die Raad doen oor enige aangemelde voorvalle verslag aan die Finansiële en IT-komitee en die Oudit- en Risikokomitee.

Anonieme bewerings van nepotisme, korrupsie en ander aanstellingsonreëlmatighede is in die oorsigjaar teen lede van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne se Uitvoerende Komitee gemaak. Dit is op 9 Julie 2022 op die Bedroghulplyn aangemeld. Hierdie bewerings is met die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne se Raadslede gedeel. Die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne het besluit dat dit verstandig sal wees om die bewerings deur die Wes-Kaapse Provinsiale Forensiese Dienseenheid te laat ondersoek eerder as om sy interne beleide en prosedures te gebruik.

Die Forensiese Eenheid het hul ondersoek oor 'n tydperk van vyf maande gedoen en die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne se Raad is in Desember 2022 van 'n volledige verslag voorsien. Die verslag dui aan dat geen bewyse gevind is om die bewerings van nepotisme, korrupsie en aanstellingsonreëlmatighede te staaf nie en dat die bewerings in werklikheid ongegrond was.

10. MINIMALISERING VAN KONFLIK VAN BELANGE

Aan die begin van elke fiskale jaar, voltooi en verskaf raadslede van die WKRDW 'n lys van alle belange wat met hul pligte as Raadslede kan bots. Raadslede word verplig om enige belang te verklaar wat hulle met enige aangeleentheid op die agenda voor elke raads- of komiteevergadering mag hê.

Vir enige botsing van belange moet Raadslede die Voorsitter in kennis stel en hulself óf onttrek óf aan die bespreking deelneem indien die Raad van mening is dat geen wesenlike konflik bestaan nie. Daar word ook van werknemers van die WKRDW vereis om enige botsing van belange by Raads- en Komiteevergaderings en by enige bespreking, onderhoud en besluite wat deur die Kantoor geneem is, te verklaar.

Die Raad gaan voort met sy pogings om onafhanklikheid te verseker sowel as om as onafhanklik beskou te word. Alle transaksies word onafhanklik gedoen en die bedryf is ten volle bewus van die Raad se beleid om nie geskenke te aanvaar nie en om dit dus nie meer aan die Raad aan te bied nie. Die Ouditeur-generaal toets ook vir enige botsing van belange met die jaarlikse oudit.

11. GEDRAGSKODE

Die Gedragskode is sentraal tot die Raad se missie om openbare vertroue en betroubaarheid vir 'n stabiele, regverdige, konsekwente en doeltreffende regulatoriese omgewing te inspireer. Die Kode vereis hoë diensstandaarde deur die Raad se werknemers en Raadslede deur leiding te gee vir beste praktyk en voortgesette verbetering van standaarde. Nakoming van die Gedragskode word streng toegepas en gemonitor en enige oortredings word ingevolge die Raad se dissiplinêre kode en prosedure hanteer.

Die Gedragskode is gereedlik vir alle werknemers en Raadslede aanlyn beskikbaar via die Raad se intranet waartoe elke individu toegang het. Nuwe werknemers en Raadslede ontvang by die aanvang van diens 'n induksiepakket wat die Gedragskode bevat en daar word van alle individue vereis om skriftelik ontvangs daarvan te erken.

12. GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIES

Die Raad het 'n gevestigde Beroepsgesondheid- en Veiligheidskomitee wat ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (WBV) 85 van 1993 ingestel is. Die WBV-komitee, wat verteenwoordigers van alle departemente by die Raad het, vergader gedurende die jaar met vasgestelde kwartaallikse tussenposes om die Gesondheid- en Veiligheidsomgewing by die Raad te bepaal en om enige kwessies wat mag opduik op te los.

13. MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Raad het nie 'n Maatskappysekretaris nie. Mnr Brink is egter as Sekretaris van die Raad aangestel.

14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Terwyl die Raad self geen maatskaplike verantwoordelikhedsprogramme vir die jaar gehad het nie, stel hy sekere voorwaardes aan lisensiehouers om te verseker dat hulle wel hulpbronne toewys om arm gemeenskappe by te staan.

Die Raad het besluit om die Wes-Kaapse Forum vir Verantwoordelike Dobbelaarj te omskep na die Komitee vir Verantwoordelike Dobbelaarj. Hierdie komitee is verantwoordelik om die potensiële sosiale euwels van dobbel aan te spreek.

Die Raad het in vennootskap met verskeie regeringsmaatskaplike instellings getree en bied by verskillende uitreikprogramme aan gemeenskappe aan om hulle oor die Raad in te lig en om hulle oor die maatskaplike euwels van dobbel op te voed.

15. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Dit is vir ons aangenaam om ons verslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2023 voor te lê.

LOUDITKOMITEELEDE EN BYWONING

Die ouditkomitee bestaan uit die lede wat hieronder gelys word en vergader, ooreenkomstig sy goedgekeurde opdrag, minstens 4 keer per jaar.

Naam van lid	Aantal vergaderings bygewoon
Mnr M Burton (Ouditkomiteevoorsitter) (Aangestel vanaf 1 Maart 2019 tot 28 Februarie 2022. Heraanstelling op 1 Maart 2022 en daaropvolgende bedanking vanaf 31 Maart 2023)	6 van 7
Mnr L Nene (Aangestel vanaf 17 Februarie 2021 tot 16 Februarie 2024)	7 van 7
Mnr A Seymour (Aangestel vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2025)	7 van 7



*Linda Nene
Voorsitter van die Ouditkomitee*

Gedurende die 2022/23 finansiële jaar is 7 vergaderings gehou en lede se bywoning word hierbo aangedui.

VERANTWOORDELIKHEID VAN OUDITKOMITEE

Die Ouditkomitee het sy verantwoordelikhede wat voortspruit uit Artikel 51(1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 27.1.10. nagekom. Die komitee het die toepaslike formele opdrag as sy Ouditkomiteehandves aanvaar, sy mandaat in ooreenstemming met hierdie handves uitgevoer en sy verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom.

Die Komitee het 'n jaarlikse self-evaluering van sy eie nakoming volgens die vereiste funksies gedoen, in ooreenstemming met die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur, sy eie handves en opdrag, die relevante Nasionale Tesourieregulasies en die Openbare Finansiële Bestuurswet. Dit het aan die vereistes voldoen.

VERGADERINGS

Die eksterne en interne ouditeure woon Komiteevergaderings by, het onbeperkte toegang tot die Komitee en sy Voorsitter, en het, om hul onafhanklikheid te verseker, die geleentheid gehad om die Komitee toe te spreek sonder dat bestuur teenwoordig was.

Verslae van die eksterne en interne ouditeure is deur die Komitee hersien, en verslag is oor die uitkomst daarvan deur hul Ex Officio-vertegenwoordiger van die Ouditkomitee aan die Raad gedoen en jaarliks aan die Voorsitter van die Ouditkomitee.

DOELTREFFENDHEID VAN INTERNE BEHEER

Met ons hersiening van die bevindinge van die werk wat gedoen is en gegrond op die risikobeoordelings het sekere swakhede tydens die interne audit aan die lig gekom. Dit is toe na Bestuur verwys en regstellende stappe is ingestel of sal ingestel word om die risiko's te verlaag.

Die beheermaatstelsel is ontwerp om kostedoeltreffendheid te verseker en die waarborg dat bates beskerm word en laste en bedryfskapitaal doeltreffend bestuur word. Die stelsel wat deur die Raad vir finansiële risiko- en risikobestuur toegepas word, is effektief, doeltreffend en deursigtig.

Volgens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die King IV-verslag oor korporatiewe bestuursvereistes, gee Interne Oudit die Ouditkomitee en Bestuur die versekering dat die interne beheermaatreëls toepaslik en doeltreffend is. Hierdie versekering word bereik deur die risikobestuursproses, sowel as regstellende aksies en om voorgestelde verbeterings van die kontroles en prosesse te bepaal.

Geen wesenlike tekortkominge is in die Interne Ouditeure se verslae, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika oor die interne beheerstelsel gevind nie.

Die Ouditkomitee is tevrede dat die uitgekонтakteerde interne ouditfunksie doeltreffend funksioneer en dat dit die versagtings of beheermaatreëls met betrekking tot die risiko's van toepassing op die Raad, in sy oudit gedek het.

Die volgende interne ouditwerk is gedurende die oorsigjaar voltooi:

'n Oorsig van die instelling en doeltreffendheid van interne beheermaatreëls is gedurende die jaar in die volgende fokusareas uitgevoer:

- Hersiening van konsep Finansiële Jaarstate 2021/2022;
- Hersiening van Prestasie-inligting oor Voorafbepaalde Doelwitte (VBD'e);
- Opvolgwerk oor vorige interne en eksterne ouditbevindinge;
- Bestuur van Besigheidskontinuiteit;
- Oorsig oor Kubersekuriteitsrisiko;
- Oorsig oor Voorsieningskettingbestuur;
- Oudit van Inkomste;
- Hersiening van die IT-afdeling;
- Hersiening van die Regulerende Voldoeningsafdeling;
- Hersiening van die Raad se aktiwiteite;
- Hersiening van die Hoofuitvoerende Beampte se kantoor;
- Hersiening van die Lisensieringsafdeling;
- Hersiening van die Departement Administrasie en Finansies;
- Hersiening van die Regsafdeling; en
- Hersiening van die Menslike Hulpbronaafdeling.

IN-JAAR BESTUUR EN KWARTAALLIKSE VERSLAG

Kwartaallikse verslae is deur die Raad aan die Uitvoerende Gesag voorgelê. Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en kwaliteit van die kwartaallikse verslae wat gedurende die oorsigjaar deur die Raad voorberei en uitgereik is.

FINANSIËLE FUNKSIE

Die voorbereiding van finansiële verslae, insluitend die finansiële jaarstate, is onder toesig van me Z Siwa GR (SA) voltooi. Na oorweging het die Komitee sy tevredenheid aangedui dat die kundigheid en ervaring van Me Siwa, die Hoof Finansiële Beampte, toepaslik is.

Na verdere hersiening het die Komitee aangedui dat hy tevrede was dat die kundigheid en hulpbronne binne die finansiële funksie toepaslik en doeltreffend is.

GESAMENTLIKE VERSEKERING

Ten einde duplisering te vermy word versekering op 'n gekoördineerde wyse van 'n aantal versekeringsverskaffers verkry.

Die interne ouditplan word, in oorleg met bestuur, volgens 'n risiko-gebaseerde metodologie saamgestel. Daarbenewens is daar samewerking tussen interne en eksterne ouditeure. Risiko's wat deur bestuur vir die 2022/2023 finansiële jaar aangebied is, is deur die Komitee oorweeg. Die Komitee het die planne van die interne ouditfunksie en die eksterne ouditeure, asook die uitkoms van die oudit, geëvalueer en goedgekeur.

Die Komitee is tevrede dat die onafhanklike versekeringsverskaffers se werk, tesame met die interne beheer wat deur bestuur ontwerp is, voldoende is.

EVALUERING VAN FINANSIËLE STATE

Ons het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate wat deur die Raad voorberei is om in die jaarverslag ingesluit te word, met die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika, bestuur en die Raad bespreek;
- die Ouditeur-generaal se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop nagegaan;
- die Raad se nakoming van wetlike en regulatoriese bepalings nagegaan; en
- aanpassings voortspruitend uit die oudit nagegaan.

INTERNE OUDITEURE

Die Komitee het die onafhanklikheid en doeltreffendheid van die interne ouditfunksie oorweeg. Die Komitee het die interne oudithandves en auditplan vir 2023 hersien en goedgekeur en is tevrede met die verklarings van die interne ouditeure dat die versekering wat aan die Komitee verskaf is, in ooreenstemming met die Etiese Kode van die Instituut van Interne Ouditeure is.

Interne ouditverslae is 'n weerspieëling van die interne beheeromgewing en word by elke vergadering aan die Komitee voorgelê. Die Komitee is tevrede met die doeltreffendheid van die Interne Oudit.

EKSTERNE OUDITEURE

Die Ouditkomitee is tevrede met die onafhanklikheid en objektiwiteit van die eksterne ouditeure. Die omvang van ander werk wat onderneem is en die nakoming van kriteria met betrekking tot onafhanklikheid of botsing van belange, soos voorgeskryf deur die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure (ORRO), is ook beoordeel.

Die Komitee het aanbeveel dat die Raad die ouditstrategie vir die 2023-oudit goedkeur. Die Komitee het ook die prestasie en optrede van die eksterne ouditeure vir die verslagdoeningstydperk beoordeel en is tevrede met die kwaliteit van die eksterne ouditfunksie.

Die Komitee het die Raad se instellingsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, hersien en is tevrede dat die sake voldoende opgelos is.

Die Ouditkomitee stem saam en aanvaar die Ouditeur-generaal se gevolgtrekkings oor die Finansiële Jaarstate en is van mening dat die geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar en saam met die verslag van die Ouditeur-generaal gelees word.



Linda Nene
Voorsitter van die Ouditkomitee
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
Datum: 31 Julie 2023

16. PRESTASIE-INLIGTING OOR NAKOMING VAN DIE B-BSEB

Die volgende tabel is in ooreenstemming met nakoming van die B-BSEB-vereistes van die B-BSEB-wet van 2013 soos bepaal in die riglyne van die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging.

Het die Openbare Entiteit enige relevante Kode van Goeie Praktyk (B-BSEB-sertifikaat Vlakke 1-8) met betrekking tot die volgende toegepas?:		
Kriteria	Reaksie Ja/Nee	Bespreking
Bepaling van kriteria vir die uitreiking van lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet?	Ja	As 'n voorwaarde vir lisensies vir verskillende sektore in die bedryf, vereis die Raad 'n minimum B-BSEB-voldoeningsvlak. Verder, dat sodanige status in 'n verifikasiesertifikaat wat deur 'n geakkrediteerde verifikasie-agentskap, uitgereik is, bevestig word
Ontwikkeling en instelling van 'n voorkeur-verkrygingsbeleid?	Ja	Die Raad se VKB-beleid is met inagneming van die vereistes soos uiteengesit in die Tesourieregulasies, Tesourie-instruksies, die Voorkeur-verkrygingsregulasies en alle relevante wetgewing met betrekking tot voorsieningsketting-bestuur, ingestel
Bepaling van kwalifikasiekriteria om staatsondernemings te verkoop?	Nee	Die Raad is nie 'n staatsonderneming nie
Ontwikkeling van kriteria om vennootskappe met die privaatsektor aan te gaan?	Nee	Die Raad is nie 'n diensleweringseenheid nie. Dit is 'n regulerende en lisensiëringsowerheid.
Bepaling van kriteria vir die toekenning van aansporings, toekennings en beleggingskemas ter ondersteuning van Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging?	Nee	Die Raad sal sulke kriteria vasstel soos en wanneer dit aansporing-, toekenning- en beleggingskemas ter ondersteuning van Swart Ekonomiese Bemagtiging bied

DEEL D:

**BESTUUR VAN MENSЛИKE
HULPBRONNE**



1. INLEIDING

Die Raad het soos op 31 Maart 2023, 'n goedgekeurde personeelstruktuur van vier-en-sewentig (74) werknemers waarvan agt-en-sestig (69) poste gevul en ses (5) poste vakant is.

Die Menslike Hulpbronafdeling verskaf dienste en ondersteuning aan die Raad en sy kantoor oor werwing, behoud van talent en prestasiebestuur, nywerheidsverhouding, personeelontwikkeling, personeelwelstand en menslike hulpbron-verwante beleidsontwikkeling. Die administratiewe funksie van die betaalstaat berus by die Departement Administrasie en Finansies.

OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRON-AANGELEENTHEDE (MH) BY DIE RAAD

Die volgende is vasgestelde MH-prioriteite vir die jaar onder oorsig:

- Om personeel met die nodige bevoegdhede aan te stel sodat die organisasie sy strategiese en operasionele prioriteite kan nakom;
- 'n Bekwame en diverse werksmag om billike verteenwoordiging van aangewese groepe in alle beroepskategorieë en -vlakke in die werksmag te verseker, asook billike behandeling met indiensneming;
- Deurlopende professionele ontwikkeling en opleiding om werknemers met die nodige tegniese vaardighede toe te rus om hul funksies volgens hul persoonlike ontwikkelingsplanne te verrig;
- Om 'n veilige werksomgewing te skep en instand te hou;
- Om 'n prestasiegeoriënteerde omgewing te skep;
- Om 'n sorgsame en ondersteunende werksomgewing wat mensgesentreerd en mensegedrewe is te skep;
- Deurlopende hersiening van die MH-beleide;
- Posevaluering om te verseker dat posbeskrywings en titels toepaslik en akkuraat bly; en
- 'n Geoptimaliseerde en belynde organisatoriese ontwerp.

Raamwerk vir beplanning van 'n werksmag en belangrike strategieë om 'n bewame en vaardige werksmag te lok en te werf

Menslike Hulpbronne dryf steeds sy belangrike strategieë om die bepaalde uitdagings in die werksmag op te los. Die indiensnemingsbehoefte van die Raad word vervul deur kandidate volgens hul vermoë, ondervinding en kwalifikasies vir aanstelling te werf en te keur om aan die posvereistes te voldoen.

Alle poste word intern sowel as ekstern geadverteer om die grootste moontlike aantal mense binne aangewese groepe te bereik. Gepaste advertensiemedia (insluitend die internet) word op 'n kostedoeltreffendheidsbasis gekies met die doel om die spesifieke teikenmark op nasionale vlak te lok.

'n Deursigtige en objektiewe benadering tot aanstellings word tans gevolg waar 'n verteenwoordiger van die Diensbillikheidskomitee wat vertrouwd is met die kortlysproses, as waarnemers na onderhoude genooi word. Die MH-afdeling verseker verder dat onderhoude regverdig, objektief, konsekvent, deursigtig en nie-diskriminerend is.

Raamwerk vir prestasiebestuur vir werknemers

Die Raad het 'n prestasiebestuurstelsel en 'n goedgekeurde prestasiebestuursbeleid, met riglyne vir bestuursprosesse om werknemers en die organisasie se prestasies te meet en te verbeter.

Die prestasiebestuursproses vereis dat 'n halfjaaroorlog en 'n jaarlikse beoordeling gedoen moet word, en dat die operasionele doelwitte wat aan die prestasie-ooreenkoms gekoppel is, op 'n deurlopende basis gemonitor word.

In gevalle waar prestasieverwagtinge nie nagekom word nie, word die leemtes, in ooreenstemming met die prosedures soos vervat in die Wet op Arbeidsverhoudinge, bestuur.

Welstandsprogramme vir werknemers

